# DIE SPIGO-ANALISE VAN SIGMUND FREUD—OORSIG EN KRITIESE OPMERKINGS

P. J. THEO. KOEKEMOER

## I. 'N WOORD VOORAF

'n Artikel soos hierdie in 'n teologiese blad? Vir my versoek tot plasing van so 'n artikel, moet ek my tog wend tot die bespreking en besluite op die laaste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, in sake die instelling van wat nou in die Kerk bekend staan, as „PASTORALE VERWYSINGSDIENS". Hiermee het die Kerk nie sommer 'n wilde sprong gemaak nie. Die Kerk is nogal „ortodoks" in die meeste van sy bewegings. Die aangeleentheid was ook ter sprake op die Algemene Kerkvergadering van 1973, wat dit vir studie terugverwys het. Nou, drie jaar later, het die verslag van 'n studiekomitee voor die eerwaarde vergadering gedien. In hierdie verslag is TEOLOGIESE beginsels voorop gestel. Wanneer die Kerk met hierdie diens beoog om voorligting te gee en bystand te verleen aan persone wat psigiese aanpassings- en ander probleme ondervind, probleme wat so gekompliseerd skyn te wees dat die pastor self advies nodig het om sy lidmaat sinvol by te staan, dan wil die Kerk dit baie uitdruklik stel, dat ook hierdie diens beskou moet word as 'n **diakonale of barmhartigheidsdiens** wat as 'n aanvulling van die normale pastorale versorging moet fungeer. Hierdie studiekomitee, waarop skrywer van hierdie artikel die voorreg gehad het om te dien, het beslis kennis geneem van die feit dat daar vandag baie geskryf en gepraat word oor die studie in die sogenaamde „Pastorale Sielkunde". In sommige oorsese lande is teologiese studente en predikante selfs besig met 'n sensitiwiteitsopleiding as deel van die praktiese studie van hierdie nuwe vakgebied. Genoemde komitee het gemeen om te waarsku teen die ooraksentuering van die psigoterapeutiese komponent in laasgenoemde, omdat 'n totale verpsigologisering van die pastoraat hier om die hoek loer. 'n Predikant kan nie psigoterapeut speel nie! Hy sal sy vingers verbrand. Aan die ander kant moet die Kerk ook nie „bang" wees om sy studente en predikante aan te moedig om kennis te neem van die resultate van enige wetenskap, o.a. die wetenskap van die Psigologie nie. Die 1976 Algemene Kerkvergadering onderskryf die volgende gesigspunte van die genoemde studiekommissie:

(i) Ons sien geen enkele beswaar waarom die Kerk in sy werk nie gebruik sal maak van die diens van ander wetenskappe wat nie teologies is nie. In die praktyk van die Kerk word hierdie dienste lank reeds gebruik. Met die

oprigting van kerkgeboue is die argitek en die boukundige en kosteberekenaar dadelik op die voorgrond. In die barmhartigheidsdiens van die Kerk word gebruik gemaak van sosiale werksters. Moet die Algemene Kommissie beslissings neem in verband met buitengewone uittredes van bedienaars van die Woord, kan dit gebeur dat getuienis van die mediese wetenskap van deurslaggewende belang sal wees. Word die Kerk in 'n hofsaak ingedwing, sal gebruik gemaak word van die dienste van die regswetenskap. Bestudering van die teologie is onmoontlik sonder taalwetenskap. Die Kerk erken dat die wetenskap van die sielkunde, net soos bogenoemde wetenskappe, selfstandig is. **Ook van die sielkunde kan daar gebruik gemaak word, net soos van die ander wetenskappe.**

(ii) Die Kerk kan nooit toelaat dat die sosiale wetenskap invloed gaan uitoefen op die wese en inhoud van die barmhartigheidsdiens van die Kerk nie. Dieselfde geld die wetenskap van die argitektuur, regsgeleerdheid ensovoorts, vanwaar die Kerk in groot dankbaarheid voortreflike diens kry. Dit spreek vanself dat die Kerk dit ook nooit mag toelaat dat die **wetenskap van die sielkunde** invloed gaan uitoefen op die wese, inhoud en omvang van die verkondigingstaak, die van God-gegewe roeping van die kerk nie. Wanneer die hulp van die sielkunde as selfstandige wetenskap, veral in die pastoraat benodig word, behoort die hulp van so 'n aard te wees dat daar **geen modifikasie** van die inhoud van die pastoraat sal plaasvind nie. In hierdie sin en in geen ander sin nie is die sielkunde 'n hulpwetenskap vir die predikant.

(iii) Dit is moontlik dat die pastor in sy doel om die Woord na die mens te bring, nie kan slaag nie indien daar by hom nie voldoende kennis is van die psigiese gesteldheid van daardie mens met wie hy te doen het in sy **pastorale gesprek** nie. Hierdie psigiese gesteldheid (,mental makeup') kan soms gekompliseerd wees. Dit sal vir die pastor uiters waardevol wees indien hy beskik oor kennis aangaande kognisie, emosies, motivering, strewings en verwagtings, aanleg, omgewingsbeïnvloeding, konflikte, frustrasies, verdedigingsmeganismes, obsessies, kompulsies en geesteskrankhede in verskillende vorme. Ter wille van 'n **mensgerigte pastoraat**, maar dan 'n pastoraat soos die **Woord** van God dit vereis, behoort die pastor kennis te dra van hierdie psigiese gesteldhede.

(iv) Daar is 'n **wesensonderskeid** tussen die psigologiese toerusting van die predikant vir sy pastoraat en pastoraalkliniese vorming as 'n soort van sensiwiteitsopleiding soos dit vandag in onder andere Nederland geskied. In laasgenoemde geval word die klem gelê op die psigoterapeutiese komponent . . . Die Pastorale Psigologie in sy huidige konnotasie leun eensydig swaar op die psigoterapie . . ."

Dit is presies in hierdie gees, ter wille van 'n „mensgerigte" pastoraat", dat ons gaan „kyk" het na 'n hoofstuk in die geskiedenis van die Psigologie. Ons sou inderdaad die vinger kon lê op ander hoofstukke in die Psigologie, hoofstukke wat beslis „nader" aan die teologie staan. 'n Teoloog kry behoorlik 'n gevoel van wrewel wanneer hy opstelle van Freud lees, wanneer jy merk dat God en godsdiens vir Freud niks anders is nie as waanbeelde. Ook is sy panseksualisme lankal deur die psigoloë behoorlik „afgeskryf". Maar . . . sy studie ten opsigte van ons kennis van die „onbewuste dieptes" van die menslike psige, was baanbrekend! En verskaf juis hierdie „onbewuste" nie aan die pastor vele probleme nie? Sou die pastor nie self sy lidmaat kon „verwys" na die **regte** (d.w.s. gelowige, in die sin van die Skrif) psigiater vir verdere hulp, indien hy hierdie ernstige „blokkering" kan raaksien, uitken nie? Het Freud nie o.a. bekendheid verwerf juis deur sy hantering van die probleem van **histeria** nie? Toe skrywer van hierdie artikeltjie ingeroep is na 'n lidmaat wie se been skielik verlam is, om daar 'n gebed te gaan doen, het ek dit gewoon gesien as daaglikse deel van die pastoraat. Dit het egter vir my „suspisieus" geklink nadat ek verneem het dat die been van hierdie sestigjarige vrou „skielik" verlam is; veral omdat die dokter verklaar het dat hy „niks verkeerds" kon diagnoseer nie. Hierdie vrou was volslae **onbewus** (juis ten opsigte van die **onbewuste** het Freud ons baie geleer) van die **eintlike** oorsaak van die verlamming. Rustig, sonder om na die horlosie te kyk, het dit nie veel geverg om die lewensverhaal van hierdie vrou aan te hoor nie. En is „uitpraat" nie reeds die eerset vorm van katarsis, voordat die pastor sy lidmaat wys op die reiniging (katarsis) deur die bloed van Jesus Christus nie? Voeg hierby die droom wat my lidmaat gehad het: 'n boomslang vang **twee** mooi voëltjies terwyl sy kom kuier by haar nuwe skoondogter wat nou die ma geword het van haar eie dogter se **twee** kindertjies, het dit waarlik nie intelligensie geverg om te weet waar die blokkering geleë is en dat hier inderdaad 'n psigosomatiese simptoom is nie. Ek kon haar „verwys" na die psigiater, en die psigoterapie wat hy aangewend het, was geslaagd. Sy het selfs ingesien dat die „nuwe" moeder 'n goeie moeder vir die kindertjies is en dat sy met 'n geruste hart kon terugreis na haar woonplek. Die been was gesond. Is dit dan tog nie die moeite werd om iets te **weet** van die psigo-analise nie, al vererg jy jou op haas elke bladsy vir Freud en sy vriende?

## II. INLEIDING EN HISTORIESE OORSIG

Psigo-analise as 'n teorie, as 'n praktyk en later as skool, het **klein** begin.[1]) Die eerste lesings van die groot meester en skepper daarvan, het plaasgevind voor 'n gehoor van drie persone te wete **Sadger, Adler** en **Stekel.** Adler en Stekel sou weldra 'n eie koers inslaan. Hierdie klein begin het egter uitgegroei tot 'n omvangryke rigting waarvan die beoefenaars oor die lengte en breedte van die wêreld te vinde is; dit het 'n hele ingewikkelde sistematiese denkrigting in die wetenskap van die Psigologie geword — getuie hiervan is die psigo-analitiese verenigings, kongresse, tydskrifte en talryke publikasies. Ons moet bedenk dat die geniale argitek, **Sigmund Freud** (gebore 6 Mei 1856) in Boheme aanvanklik **as medikus** gesoek het na 'n terapeutiese metode ter genesing van senusiektes (neuroses) waarvan angs en histerie die mees algemene was. Vervolgens, uitgaande van hierdie sisteem, het Freud en veral die psigo-analitici na hom, getrag om die hele „kultuurwetenskap" opnuut te fundeer.[2]) Ons kan dus beweer dat die psigo-analise, soos gefundeer deur Freud, ook 'n **filosofie** wil wees, 'n filosofie wat ingryp in die lewensopvatting en wêreldbeskouing van die denkende mens, ten dele gerig **teen** die rasionalistiese filosofie van die „Aufklärung" van die 18de eeu. „. . . the shift to the foreground of the affective and **non**-rational. Cognition has had its day, and now it was to be relegated to a secondary place."

Op die terrein van die **Psigologie, Etiek, Opvoedkunde, Sosiologie, Kuns, Godsdiens** en **Filosofie** het die psigo-analise sy spore getrap, goed of slegl[3])

Die psigo-analise is die toepassing van 'n bekende deel van die Eksperimentele Sielkunde, te wete die metode van die **„vrye assosiasie".** Die proefpersoon word deur die proefleier versoek om sy gedagtes vrye teuels te gee, **sonder** die uitoefening van enige kontrole of kritiese terughouding. Die gedagtes moet spontaan weergegee word net soos dit na vore kom — daar moet **geen remming** van watter aard ookal wees nie.[4]) Die bedoeling is duidelik: — Aldus word sekere nie-bewuste voorstellings en gedagtes **tot bewustheid** gebring. Die psigo-analise leer dat dit juis hierdie onbewuste voorstellings is wat die „kwaad stook" en die oorsaak is van funksionele senuwee-wanordes. Deur die **bewusmaking van sulke psigiese elemente (verdronge komplekse) kan genesing intree.**

Die term psigo-analise omvat „sowel die **teorie** van die onbewuste met sy werkmetodes, as die **tegniek,** prosedure of metode

---

[1]) Richard M-F, **„De Voornaamste Richtingen in de hedendaagsche Psychologie",** vertaal deur P. H. Ronge, 2de druk, 1949, bl. 132.

[2]) Müller-Freienfels, a.w., bl. 133. Vgl. ook A. A. Roback, **History of American Psychology,** 1952, bl. 280 en 281.

[3]) Roback, A. A., **History of American Psychology,** 1952, bl. 282.

[4]) Heidbreder, E., **„Seven Psychologies",** bl. 377.

waardeur die onbewuste ondersoek en verklaar word. Die doel van hierdie psigo-analitiese kennis en tegniek is die genesing en die herstelling van individue wat abnormaal histeries, neuroties, pervers, geword het; dus, die herstelling so ver moontlik, van persone wat daar nie in geslaag het om hulle aan die lewenseise aan te pas nie."[5])

Dit was die soek na die **oorsake** en aard van histeriese simptome en die verklaring daarvan, wat gelei het tot die ontdekking van die werklike omvang en invloed van die onderbewuste, of soos dit later genoem is, die onbewuste. Hierdie probleme van die **onbewuste** het gevoer tot die ontstaan van die psigo-analise.

Die geval van die Weense medikus, **Joseph Breuer**, wat die lig laat deurbreek het op hierdie duistere problematiek van die onbewuste, word hier as oorbekend veronderstel. (Ons verwys na die meisie wat gely het aan o.a. 'n akute paraliese van die regterarm, versteuring van die oogbewegings, verlies van die vermoë om te drink en feitlik algehele afasie.) Breuer het die toestand gediagnoseer as **histerie** en hipnose aangewend as terapie, dog sonder sukses. Hierdie behandeling het gelei tot 'n **nuwe teorie** oor die wese van histerie en as gevolg hiervan tot 'n meer „nugtere" of rasionele behandeling van die siekte. Breuer het van hierdie metode gepraat as „katharsis" of „ontlading" of „reiniging". Dit was 'n groot verbetering op die ou **suggestiemetode**. Volgens Breuer vind die histeriese verskynsels hulle oorsprong in voorvalle wat met 'n sterk gevoelstoon belaai is en wat in die **kindertyd** van die pasiënt plaasgevind het en toentertyd verdring is. Die terapie sou dan bestaan in die terugroeping daarvan in die geheue, in die herlewing en belewing van die vroeër deurleefde voorval. Hy veronderstel (en so ook Freud) dat die effek wat nie tot normale uiting of ontlading gekom het nie, vervorm het **(gekonverteer het)** in die histeriese simptome.[6]) Mens staan net verwonderd dat hierdie belangrike ontdekking in 1882, eers na Freud se terugkeer uit Parys (1886) verder ondersoek is. Algaande is 'n ander eienaardige verskynsel ontdek: **regressie!** Hierdie regressie het die ondersoeker steeds verder in die verlede van die pasiënt teruggevoer, tot in die vroegste kinderjare.

Alhoewel Freud en Breuer se eerste verskilpunt oor die sogenaamde „gesplete persoonlikhede" („Spaltung") gekom het, is dit tog in wese die meer diepgaande verskil oor die betekenis van die **seksualiteit** in die etiologie van die neurose, wat hulle uiteindelik elkeen sy eie weg laat gaan het.[7])

Naas die leer van die katarsiese geneeswyse van Freud, sal ons aan die orde moet stel, die leer van die **verdringing**, deur Freud

---

[5]) Coetzee, J. C., Psiego-analiese, Deel I, bl. 14.
[6]) Coetzee, **a.w. deel I**, bl. 23.
[7]) Coetzee, **a.w. deel I**, bl. 26: — „Breuer was die eerste wat onwil getoon het om die opvatting te aanvaar."

self genoem die „grondpilaar" waarop die gebou van die psigo-analise rus. Ons sal ook moet let op die leer oor die **„weerstand"**, die vasstelling van **infantiele seksualiteit** en die **droom-analise**, om deur te dring na die onbewuste.

In 1893, toe Freud die resultate van sy eerste ondersoeke publiseer, sê hy vaarwel aan die praktyk van die hipnotisme en stel in die plek daarvan die metode van die **„vrye assosiasie"** (waarheen ons reeds verwys het) as die **eintlike** psigo-analitiese metode.

Hoewel Freud 'n eensame man geword het, het hy onophoudelik gewerk. In 1895 verskyn sy **„Studiën über Hysterié"**, uitgegee in samewerking met Breuer. In 1900 verskyn sy Sielkunde van die droom in **„Traumdeutung"**, in 1901 sy **„Zur Psychopathologie des Alltagslebens"**, in 1905 die **„Drei Abhandlungen zur Sexualtheorie"**, in 1906 sy **„Sammlung kleiner Schriften zur Neurosenlehre"** in 5 dele. Dit alles was die „klein" begin[8]) van 'n onkeerbare stroom van energie. Die „Psychological Register" van 1932 **meld 222** (artikels, boeke, ens.) werkstukke agter sy naam.[9]) Toe Freud in 1902 buitengewone hoogleraar in die Neurologie aan die Weense Universiteit geword het, het hy spoedig begin om aanhangers te trek. Die Zürichse professor, **Bleuler**, het hom aan die kant van Freud geskaar (1907). Dr. Carel **Jung** word in hierdie stad die leier van die psigo-analitiese skool. In 1908 vind die eerste kongres plaas te Salzburg en in 1909 verskyn die eerste tydskrif: — **„Jahrbüch für Psychoanalytische und Psychopathologische Forschungen"**, onder leiding van Freud en Bleuler en onder redaksie van Jung. Dit is hierdie **Züricherskool** wat verder die assosiasie-eksperiment van Wundt aangepas het aan die psigo-analise en 'n assosiasie-metode ontwerp het wat kon lei tot die deurdringing na die onbewuste. **Jung** pas met sukses die analitiese metode toe op die verskynsels van die **„dementia praecox"**. Van toe af was dit nie meer moontlik vir die psigiaters om die psigo-analitiese metode te ignoreer nie. In **1910** is 'n internasionale psigo-analitiese vereniging gestig onder voorsitterskap van Jung.

In 1913, tydens die kongres te München, blyk dit duidelik dat 'n splitsing sou kom en wel onder leiding van Carl Jung self. Adler het reeds voor Weimar se kongres (1911) 'n aparte groep gevorm. Adler se afskeiding is geheel-en-al; hy vorm 'n skool bekend as die skool van die **„Individual-Psychology"** by wie egoneiging en nie seks nie, die vernaamste „leerstelling" is! Die wysiging deur Jung aangebring in die leer van Freud, geld veral die opvattinge omtrent die aard en die inhoud van die **onbewuste**, die verontagsaming van die leer van die **verdringing**, die noodsaaklikheid van 'n **„sensuur"-leer**

---

8) Coetzee, **a.w., deel I.** Vir enkele van sy belangrike werke vgl. aanhangsel A bl. 383 e.v.

9) Flugel, J. C., **A Hundred Years of Psychology, 1935, bl. 291.**

en die **determinisme**. Sy metode is nie slegs analities en kousaal soos die van Freud nie, maar ook sinteties en prospektief.[10])

Wie **Freud** grondig wil bestudeer, sal eintlik ook student in die **Filosofie moet wees**. Dit word beweer dat die filosofie van Schopenhauer, met name die filosofie van die Pessimisme, (vgl. ook **Ludwig Klages**) tesame met **Nicolai Hartmann** se filosofie van die Onbewuste, duidelik in Freud se Psigologie waarneembaar is.[11])

Verder lyk dit of Freud se sisteem nie afgerond is nie en dus nie orals ewe duidelik is vir die student in die Psigologie nie. „Thus Freud, unlike McDougall, has no well-rounded system, and his more theoretical contributions are often puzzling to read on that account."[12])

## III. DIE ONBEWUSTE

**Prof. Coetzee**[13]) wys daarop dat **Freud** in sy werk, **„Die Traumdeutung"**, 'n algemene uiteensetting gee van sy opvattings van die aard, bou en inhoud van die psige en psigiese prosesse. In genoemde studie verklaar **Freud** ook dat sy beskouings nie 'n vooropgestelde **aprioristiese** teorie is nie, maar dat dit die resultaat is van 'n intensiewe studie wat as't ware uit die **praktyk** gebore is. Hy sê dat elke psigiese proses drie gesigspunte het:

A. **'n Topiese of topografiese.**
B. **'n Dinamiese.**
C. **'n Ekonomiese.**
D. **'n Metapsigologiese beskouingswyse.**

### A. Die topografiese aspek.

Hy onderskei in die psigiese lewe twee stelsels:

(i) **Die bewuste:** — Hieroor sê hy min. Die bewussyn omvat al die psigiese prosesse waarvan ons op 'n gegewe oomblik bewus is. Hy stel dus bewussyn ongeveer gelyk aan „bewustheid". 'n Analise van die bewussyn gee Freud ons nie; hy handel bv. nie oor die begrip **„bewussynsgrens"** of -**„drumpel"** nie; hy ontleed die bewuste proses nie in sy **elemente** van kognitiewe, affektiewe en konatiewe elemente nie, ens.

Hy noem die bewussyn 'n aktiewe **„agens"** wat sy ervaringe nie passief opneem nie, maar wat kies en keur, doelbewus en stelselmatig en wel volgens die **lus-beginsel**: die bewussyn soek na die **aangename** en vermy die **onaangename**. Die bewussyn as aktiewe „agens" wat na

10) Coetzee, a.w. **deel I**, bl. 32, 33.
11) Flugel, J. C., **„A Hundred Years of Psychology"**, 3de druk, 1935, bl. 291.
12) Flugel, J. C., a.w., bl. 291-292.
13) Coetzee, a.w. **deel I**, bl. 43 e.v.

buite en **na binne** werk: die opneem van uiterlike prikkels en die waarneming van die innerlike prikkels (die subjektiewe prosesse). Die bewussyn is dus byna 'n sinlike orgaan soos die oog en die oor.[14])

(ii) **Die nie-bewuste:** — [15]) Die nie-bewuste omvat alle psigiese prosesse waarvan ons op 'n gegewe moment nie bewus is nie. Die nie-bewuste is net so reëel as alle voorwerpe wat ons op 'n gegewe oomblik nie met ons sintuie kan waarneem nie, maar wat tog desnieteenstaande werklik bestaan. Sulke **buite-die-bewussyn-blywende** prosesse gaan al die tyd hul gang sonder dat die bewussyn dit opmerk. Die nie-bewuste is as't ware 'n pakhuis van ons herinneringe, (veral met beklemtoning van die eerste vyf jare) voorstellings en gedagtes, en bevat ons hele lewensgeskiedenis.

Die verhouding tussen die twee stelsels, stel Freud **ruimtelik** voor (topografies). Die psige bestaan uit verskillende kamers. Die nie-bewuste is 'n groot **voorkamer** waarin die psigiese „roersels" selfstandig leef en beweeg. Hierdie voorkamer loop uit op 'n tweede kleiner kamer, 'n soort van **„salon"** waarin ook die bewussyn as aktiewe „agens", hom huisves. In die **middeldeur** tussen hierdie twee aanmekaargrensende kamers, staan daar 'n „wagter" wat die psigiese beweginge wat deurgang wil hê, noukeurig besien en **sensureer** en hulle nie in die „salon" toelaat as hy dit nie verkies nie. Dan is hulle nie geskik om bewus te word nie **(bewusstseinunfähig)**. Hulle is „verdronge" omdat hulle steeds deur die wagter teruggedring word. Slegs wat deur die wagter deurgelaat word, kom in die tweede kamer en kan aldaar deur die bewussyn waargeneem word. Die tweede kamer noem Freud die **voorbewuste**. Onder die nie-bewuste verstaan Freud dan die **voorbewuste** en die eintlike **onbewuste**. Ons kry dus drie tipes van psigiese aktiwiteite: —

(a) **Die bewuste.** (Waarnemingsbewussyn.)
(b) **Die voorbewuste.**
(c) **Die onbewuste. („Das Es".)**[16])

Die **voorbewuste** is die latente deel of stelsel van die psigiese prosesse wat op 'n gegewe moment buite die bewussyn is, maar bewus kan word sonder enige hulpmiddele (soos bv. hipnose, suggestie of psigo-analise),

---

14) Coetzee, a.w. **deel I**, bl. 43 en 44.
15) Aveling, F., **Psychology: The Changing outlook"**, 1937, bl. 36, 37.
Flugel, a.w., bl. 287 e.v.
Roback, A. A., a.w., bl. 285 e.v.
Müller-Freienfels, a.w., bl. 137 e.v.
16) Bavinck, J. H., **Inleiding in de Zielkunde**, 2de hersiene druk bewerk deur dr. A. Kuypers, 1935, bl. 318.

slegs deur die rigting van die aandag van die bewussyn daarop. (Dit beteken egter nie dat die voorbewussyn altyd maklik bewus kan word nie. Dit gebeur dikwels dat 'n bekende feit nie in die geheue „wil" kom nie.) Tussen die bewussyn en voorbewuste bestaan daar egter nie 'n „kloof" nie omdat hulle ruimtelik in dieselfde lokaal, die „salon" is — daar is geen wagter (sensor) tussen hulle nie. Albei is ten volle logies van aard en ken die perke van die lusstrewing.

Die leer oor die **onbewuste** is die essensieel belangrike bydrae van Freud se teorie.[17]) Sy „voorbewuste" kom nagenoeg ooreen met die „onbewuste" van die tradisionele Sielkunde. Sy „onbewuste" is **iets nuuts**. Kenmerkend is dat die onbewuste prosesse altyd langs 'n **omweg** moet gaan om bewus te word en wel in vermonde en **simboliese** vorme. In die onbewuste heers 'n ander beginsel as in die bewuste. **Vir die bewussyn geld die werklikheidsbeginsel, maar vir die onbewuste die lus-beginsel**. Die onbewuste strewe altyd na die vervulling van **wense** en **begeertes**, na **lusgewin**.

Die onbewuste omvat die **primitiewe** en **infantiele** ervarings en neigings wat in hulle ruwe vorm wil optree en wat dus nie verenigbaar is met die **norme** van die latere lewe nie; hulle word gekeer deur die wagter (sonsor). Hierdie psigiese faktor verrig drie funksies: — [18])

(i) Dit is 'n **verdringende element** wat die onbewuste verhinder om bewus te word en behels die sosiale, sedelike en godsdienstige norme van die lewe.

(ii) Dit reageer teen elemente van buite wat in die bewussyn wil indring — is dus ook 'n **weerstandbiedende** mag.

(iii) Dit dien as 'n soort van **sensuur** van die onbewuste.

N.B. Die **sensor** is dus 'n verdringende, beskermende en 'n „sensurerende" krag.

Behalwe genoemde elemente in die onbewuste, kom Freud later in sy werk, **„Das Ich und das Es"**, (1923) tot die opvatting van nog 'n element, die **ego-onbewuste.**[19]) In elke persoon is daar 'n samehangende organisasie van sy psigiese prosesse, deur Freud genoem die **Ego**. Die ego beheers die toegange en uitgange na die binne- en buitewêreld; dit neem innerlik en uiterlik waar. Deurdat die

---

17) Waterink, J., „Ons Zieleleven", 6de druk, 1946, bl. 147.
Bavinck, J. H., a.w., bl. 318 en 319.
18)} Coetzee, C., a.w. deel I, bl. 51.
19)} Bavinck, J. H., a.w., bl. 319.
Coetzee, C., a.w. deel I, bl. 52 en 53.
Müller-Freienfels, R., a.w., bl. 137.

„ek" (ego) sig na die buitewêreld, na die werklikheid om ons georiënteerd is, sal dit in baie gevalle genoodsaak wees om ongepaste, onbehoorlike strewinge teen te hou. Hierdie ek (ego) is die instansie wat oordag **en snags** (**in** die drome), kontrole uitoefen. Hierdie ego is **nie** 'n selfstandige grootheid nie en is ook nie iets oorspronkliks in die mens nie — dis eintlik die aanpassingsfunksie van die lewende organisme.

Maar die onderskeiding gaan ook nog verder deur. Onder die Ego leef daar nog die in wese onbewuste **„Es"**,[20]) 'n term wat eerste gebruik is deur Groddeck: — Dit is 'n psigiese sisteem waarop die „Ek" geplaas is. Die „Ek" representeer wat ons „verstand" en „besinning" kan noem, terwyl **die Es** die hartstogte omvat. By die „Ek" speel die **waarneming** die rol; by die Es die **drif**. Die **Es**: „Het zijn de levenskrachten, de driften, instincten, strevingen, hartstochten, welke alle doen en denken bepaald. Wij leven niet, maar **worden** geleefd; niet ik denk, maar **het** denkt in mij."[21])

Freud vergelyk die verhouding van die Ek en die Es met dié van **ruiter en perd**. Die „Ek" is die ruiter en Es is die perd. Terwyl die ruiter die perd met sy grote krag moet probeer bedwing, is sy eie kragte maar min in vergelyking met dié van die perd. In die Es heers die lusprinsipe onbeperk: alle strewe is gerig op bevrediging en 'n maksimum van lus. Die „Ek", wat met die omgewing en opvoeding rekening hou, verteenwoordig die realiteitsprinsipe wat remmend en beperkend teen die lusprinsipe optree. Die gevolg hiervan is: **konflikte.**[22])

Kort saamgevat kom Freud se **antropologie** dus hierop neer dat die mens in oorsprong en wese 'n louter lewende organisme is; 'n drifwese en drangwese wat onder invloed van aanpassingsfaktore iets ontwikkel wat 'n „ek" genoem kan word. Die **Es** was eerste daar. Ingevolge die aanpassingsfaktore en d.m.v. die warnemingsbewussyn kristalliseer uit die „Es" die „ek". (In ons latere kritiek sal ons hierdie saak kwalik kan verbygaan.)

'n Verdere differensiasie vind Freud in die idee van die **Ueberich** of **„Ek-ideaal"**.[23]) Die ontstaan van die „Ek-ideaal" word op die infantiele seksuele **„objek-besetting"** en **„identifikasie"** teruggevoer. Daaragter verberg sig die eerste en belangrikste identifisering van die individu, naamlik die met die **vader**. Hierdie identifikasie ontstaan gewoonlik ten tye van die verdwyning van die Oidipuskompleks.[24]) Hierdie nuwe instansie, die **„Ek-ideaal"**, ondergaan 'n voortdurende ontwikkeling en kry 'n besondere taak om te vervul. Hierdie ont-

---

[20]) Müller-Freienfels, **a.w.**, bl. 137.
[21]) Bavinck, J. H., **a.w.**, bl. 319.
Freud, S.: **„Das Ich und das Es"**, 1923. Die in wese onbewuste „Es" is 'n term wat eerste gebruik is deur **Groddeck**. Dit is 'n psigiese sisteem waarop die „ek" geplaas is.
[22]) Bavinck, J. H., **a.w.**, bl. 319.
[23]) Flugel, J. C., **a.w.**, bl. 288-291.
Müller-Freienfels, R., **a.w.**, bl. 137.
[24]) Aveling, F., **a.w.**, bl. 40 en 41.

wikkelingsproses verloop onbewus, soos volg: — **Die „Es" was as 'n lewende reservoir van kragte voorgestel kan word, stuur sy energie, genaamd libido, voortdurend in die rigting van die objekte.** Hierdie uitstroming gaan met **lusgevoelens** gepaard. Vind mens die objekte wat aldus met libido „beset" word, buite die individu, dan is daar sprake van **ekstraversie;** lê dit egter binne die individu, word dit genoem **intraversie** of **narcisme.** Gebod en verbod, aanvanklik van die kant van die vader, vervolgens van andere en van die gemeenskap, werk mee aan die verdere opbou van die „Ek-ideaal" wat **aanvanklik** deur identifikasie ontstaan het. Geleidelik word hierdie Ek-ideaal iets remmends teen die libidostroom wat uit die Es voortvloei. Eers is dit dus die gebod en verbod van buite af **(vader en moeder)** wat dwingend en beperkend ingryp, maar later is dit die **Ek-ideaal** wat die funksie van die ouers representeer. Die Ek-ideaal omvat die som van alle „reëls en wette" waarbinne die individu hom moet voeg en gedra. Wat eers uiterlike dwang was, word nou 'n innerlike eis. Hierdie ideaal wat uit die ideaalbeeld van die ouers ontwikkel het, staan krities teenoor die dade van die individu. Vir fatsoenlike handeling is die loon 'n goeie gewete en vice versa. **Dit** is die „hoëre wese" in die mens, die beliggaming van die moraal!! Die spanning tussen die eise van die Ek-ideaal en die werklike gedrag van die mens, sal hy beleef as **skuldgevoel.**[25])

B. **Die dinamiese beskouingswyse.**[26])

Die dinamiese beskouing vul die topiese aan. **Die psige is nie staties nie.** Daarin is **nooit rus** of stilstand nie. Dit is by uitnemendheid **dinamies.**[27]) Alle veranderings wat in die bewussyn plaasvind, is gevolg van die werking van kragte in 'n doelgerigte strewing. In sy „Vorlesungen" sê Freud dat dit hom in die eerste plek nie te doen is om die beskrywing en klassifisering van psigiese verskynsels nie, maar dat hy hulle wil begryp as kentekens van 'n spel van **kragte** in die psige, as uiting van sy doelnastrewende tendense wat saam of teen mekaar in ageer, dat hy besig is met 'n **dinamiese** teorie van die psigiese verskynsels. Vergissings, drome, simptome, ens. is in sigself nie so belangrik as die **onderliggende kragte** waardeur hulle bestaan verklaar moet word nie. Freud aanvaar die hipotese van 'n psigiese energie waarsonder daar nie gepraat kan word oor werking, strewing, beweging ens. nie. Hierdie psigiese energie is die „affek". Die energie of „affek" kan varieer in sterkte. In die een kompleks is dit swak, in die ander sterk. Die **„pakhuis"** van die onbewuste is nie vol dooie materiaal nie — dit **lewe soos in 'n fabriek,** dit woel en werskaf daarin. Ons vgl. die „sensor" as aktiewe „agens", die verdronge voorstellings wat bly voortbestaan, ens.

---

25) Bavinck, J. H., **a.w.**, bl. 320.
26) Coetzee, C. **a.w. deel I**, bl. 57 e.v.
27) Heidbreder, E., **Seven Psychologies**, bl. 389 wys op die aktiewe, strewende en dinamiese karakter van die onbewuste, volgens Freud.

C. **Die „ekonomiese" beskouingswyse.**

Dit het aanvullend betrekking op die dinamiese aspek. Dit staan in verband met die **„ekonomiese"** besteding van psigiese **kragte**. Hy wend 'n poging aan om die sogenaamde ekonomiese beginsel van „die grootste wins op die minste inspanning" toe te pas op die produksie, distribusie en verbruik van psigiese energie. Hy veronderstel dat daar in die arbeid van ons psigiese apparaat een hoofdoel lê, naamlik **die vervulling van wense en lusgewin**; die verwerwing van lus en die vermyding van on-lus. Die lusbeginsel reël dit outomaties.[28])

D. **Die onbewuste.**

Sy begrip van die **onbewuste** is 'n besondere bydrae op die gebied van die Psigopatologie.

(a) **Oorsprong van die onbewuste:** — Dit word nie ge-erf nie maar **verwerf**, waarvan die tydperk van die **eerste vyf lewensjare** besonder belangrik is. Die oorsprong van die onbewuste lê in die werking en gevolg van die proses van verdringing. Die magte wat hierdie verdringing veroorsaak is afkomstig van religieuse, kulturele, sosiale en ander standaarde wat in die bewussyn werk. Hier moet gelet word op die onderskeid tussen verdringing en onderdrukking. Eersgenoemde is onbewus en laasgenoemde geskied bewustelik. Die tipiese van die proses van verdringing is juis dat dit **onbewus** geskied. Die afgeskeie psigiese elemente besit volgens Freud 'n dubbele strewe of neiging: Hulle het die neiging om met ander verdronge psigiese materiaal te verbind en 'n komplek te vorm; hulle het egter ook die neiging om met ander geassosieerde elemente as 'n kompleks tot 'n selfstandige werking oor te gaan. Die verdronge inhoud van die onbewuste is dus dinamies van aard, 'n voortdurende reaksie, interaksie, ens.

(b) **Inhoud en kenmerke van die onbewuste:** — Dit is verdronge voorstellings, gedagtes en neigings. Prof. Coetzee sê dit nie duidelik aan watter van die drie, voorstellings, strewinge en affekte, Freud die voorrang in die onbewuste gee nie.[29]) Ons weet egter dat Freud voorstellings as aktief, selfstandig en dinamies beskou. Dus, watter elemente hy ook voorrang mag gee, die onbewuste behou sy

(i) essensieel **dinamiese karakter.**

---

[28]) Coetzee, C., **a.w. deel I**, bl. 60 tot 65.
Bavinck, J. H., **Inleiding**, bl. 318 e.v.
Roback, A. A., **a.w.**, bl. 285.
Aveling, **a.w.**, bl. 36 en 37.
Müller-Freienfels, **a.w.**, bl. 137.

[29]) Coetzee, a.w. **deel I**, bl. 68.

(ii) Tweede kenmerk van die onbewuste is die **seksuele karakter**[30]) daarvan, seksueel in die **ruimere** betekenis wat Freud daaraan het. **Dit is die seksneigings wat die allermeeste deur die gemeenskap verwerp word en gevolglik die meeste verdring word.**[31]) Dit is „logies" dat die inhoud van die onbewuste dus ook essensieel seksueel van aard is. Die Freudiane sê dat hulle ook seker is dat seks nie eers in die puberteitsjare aktief in werking tree nie, maar dat dit reeds vanaf die **vroegste kinderjare** geskied by wyse van die diffuse, tentatiewe, preliminêre **„infantiele seksualiteit".** Hierdie lg. seksualiteit het twee kenmerke: — dit hou verband met die afskeidingsfunksies en dit kom tot uiting in die kind se verhouding met sy bloedverwante (die sg. **inses-kompleks**).

(iii) 'n Derde eienskap van die onbewuste is die **infantiele** oorsprong en aard daarvan. Die splitsing van die psige in bewuste en onbewuste vind plaas in die **vroegste jare** van die kind se lewe, 'n splitsing wat die gevolg is van die konflik tussen die „onbeskaafde" aanleg met geboorte en die remmende kragte van die gemeenskap wat dwing om aan te pas. Hierdie neigings word verdring na die onbewuste toe.

(iv) Die onbewuste is die terrein wat die naaste staan aan die **ruwere „Triebe",** soos hulle by geboorte aanwesig is voordat die beskawing sy invloed daarop gedruk het. (Triebe is: drang, drif, „instink".)

(v) 'n Vyfde kenmerk van die onbewuste is sy ontkenning van alle **godsdienstige en sedenorme** en logiese wette. Die „logika" van die onbewuste is nie dié van die rede nie, maar eerder van die gevoel en emosie; dus, eintlik onlogies. (Vgl. die fantasieë van die dagdromer.) In die onbewuste geld ook **slegs** die **lusbeginsel.**[32])

**Naas bogenoemde vyf min of meer biologiese, kliniese eienskappe van die onbewuste, kan ook nog ander min of meer psigologiese eienskappe onderskei word: —**

(vi) Die **weerspreekloosheid** van die onbewuste: onbewuste prosesse „ken" nie so iets as weerspreking nie.

(vii) Onbewuste prosesse ondergaan baie maklik **verskuiwing en verdigting,** d.w.s. hulle word gekenmerk as primêre prosesse (Primär-Vorgänge). Die affek is mobiel en kan maklik van een voorstelling na 'n ander verskuiwe.

---

30) MacCurdy, „The most dynamic element in Freud's psychology is the sexual of libido", aangehaal deur Coetzee, **a.w. deel I**, bl. 70.

31) Müller-Freienfels, R., a.w., bl. 133.
Flugel, **a.w.**, bl. 281.

32) Vgl. ook J. H. Bavinck se kritiek op die ontkenning van die Sedenorme, **a.w.**, bl. 326.

(viii) Die onbewuste is **tydloos:** — Dit val buite die kategorie van die tyd. Juis dit maak die primêre proses van verdigting moontlik, d.w.s. die samesmelting van ervarings wat op verskillende tye beleef is.

(c) **Die waarde van ons kennis omtrent die onbewuste.**
Dit is van groot betekenis vir die insig in baie siekteverskynsels. Nou kan hierdie **siektes verstaan en verklaar** word. Dit geld veral die sg. „senu-siektes". Dit openbaar die koherente struktuur van die neurose. Sonder kennis van die onbewuste is dit nie moontlik om siektesimptome soos angs, delusies, histerie, ens. te verstaan nie.
Die kennis van die onbewuste verklaar nie slegs die betekenis van die siekte-simptome nie, maar bring ons ook op die spoor van die **oorsake** daarvan. Hierdie simptome word naamlik veroorsaak deur die inwendige (endo-psigiese) konflik van die bewuste en die onbewuste prosesse.
Die kennis van die onbewuste vorm die **brug** tussen die skeiding van normaal en abnormaal. Dieselfde prosesse wat ons by senulyers aantref, vind ons ook by normale mense, met hierdie verskil: — by normale mense is die onbewuste beter onder beheer as by die senulyer, aldus Freud.

## IV. WEERSTAND EN VERDRINGING.

### A. Weerstand en oordrag: —

Psigo-analise is 'n praktyk of tegniek vir die behandeling en genesing van senusiektes. Die geneesheer ondervind by die pasiënt 'n heftige, taaie **weerstand.**[33]) Dit is 'n eienaardige verskynsel wat by die pasiënt waar te neem is; die pasiënt self kan hom nie daarvan rekenskap gee nie. Hierdie weerstand kan verskillende vorme aanneem, baie dikwels uiters geraffineerd. Die pasiënt moet **alles meedeel** wat hy in sy binneste „waarneem": gevoelens, gedagtes, voorstellinge, herinneringe, in die volgorde waarin dit voor hom/haar opduik. Daar mag nie die minste gesif, ge-orden en gekeur word nie. **Teen hierdie tegniek van die analitiese** behandeling verset die pasiënt hom **onbewus.** (Hy is skaam of voel ander persone is daarmee gemoeid of reken dat dit niks met sy probleem te doen het nie.) Die weerstand kan soms bloot **rasioneel** van aard wees en stry hy selfs met die geneesheer oor sukses of mislukking van sy behandelingsmetode. Freud sê dis alles skyn, bedrog, weerstand! Kenmerkend bv. is die toestand van **twyfel** waarin lyers van dwangneurose verkeer. Die weerstand neem die vorm aan van twyfel en „ongeloof": die lyer glo nie in die moontlikheid van eie genesing

---

33) Freud, Vorlesungen: XIX. **„Widerstand und Verdrängung".**
Müller-Freienfels, R., „Dit is die taak van die psigo-analise om die weerstande op te hef, wat die ek weerhou om sig met die verdronge besig te hou", a.w., bl. 137.

nie, maar wil **tog** onder behandeling wees. Lyers van angsneurose weet baie goed om weg te bly van die „gesoekte" sodat die analise daar weinig aan het. Die moeilikste weerstand is egter die sg. **„oordrag van die affek"**. Die affek van die simptom word oorgedra op die geneesheer self, in die reël 'n erotiesgetinte oordrag. Daardeur verloor die pasiënt sy belangstelling in sy eie genesing.

Die leer van die verdringing vorm die oudste bestanddeel van psigo-analise.[34]) Genesing kan alleen plaasvind indien die weerstand verwyder word. Oorwinning van die weerstande is die onmiddellike doel van die psigo-analise. As gevolg van hierdie weerstand het Freud **afgesien** van sy vroeëre metode van behandeling deur middel van hipnose. In die hipnose word juis die bestaan van die weerstand aan die waarneming van die geneesheer onttrek.

B. **Verdringing: —**[35])

Die leer van die **„Widerstand"** is 'n belangrike aspek in die die psigo-analitiese dinamiek. Dit het ontstaan uit materiaal versamel uit die histerie-studies van Freud. Freud meen dat die bestaan van 'n siekteverskynsel, die veronderstelling wettig, dat een of ander sielkundige gebeurtenis nie op normale wyse verloop het nie en dat dit dus nie tot bewustheid kan kom nie. Daar moet dus 'n sterk verset gewees het teen die bewuswording van so 'n psigiese gebeurtenis sodat dit onbewus gebly het; in die onbewuste toestand word dit omvorm tot 'n simptoom.[36]) Die verdringing is dus die krag wat die siektetoestand geskep het.

Freud onderskei tussen twee prosesse naamlik **onderdrukking** en **verdringing**. Veronderstel 'n neiging „strewe" daarna om sig in handeling om te sit, kan hierdie „strewing" onderdruk word deur dit te verwerp en te veroordeel. Deur die onderdrukking word aan hierdie strewing sy energie onttrek en word dit magteloos, maar kan as 'n **herinnering** bewaar bly. Daar moet opgelet word dat hierdie hele proses van onderdrukking of veroordeling plaasvind **vlak** onder die drumpel van die bewuste ego. Maar — die toestand is totaal anders wanneer hierdie neiging of strewing **verdring** word. Dan behou dit helaas sy energie terwyl die herinnering daaraan verdwyn: die proses van verdringing vind plaas totaal **buite** die wete van die ego. **Verskil is dus:** — die verdringing laat die energie agter, onttrek die herinnering en is **onbewus**; die onderdrukking onttrek die energie, laat 'n herinnering agter en is **voor**-bewus.

**Die verdringing is vir Freud voorwaarde vir die simptoomvorming.** Dit is die proses waardeur bepaalde bewuste elemente en inhoude uitgebou word uit die bewuste sfeer, sonder dat die ego daarvan weet. Freud vereenselwig die proses van verdringing met

---

34) Müller-Freienfels, R., **a.w.**, bl. 137.
35) Freud, **Zur Metapsychologie: Die Verdrängung.** Vgl. ook Bavinck: „a.w., bl. 321 en 322. „Dit is die ego-ideaal wat die verdringing inlei . . ."
36) Coetzee, **a.w.**, bl. 90.

'n ander proses, naamlik dié van „**sensuur**"; d.i. die „wagter" tussen die bewuste en die voorbewuste, ook 'n verdringende „agens".

1. Die funksie van verdringing wat prof. Coetzee[37]) as volg saam: —

(i) Dit is die **voorwaarde** vir simptoomvorming.

(ii) Dit is volgens Freud 'n **biologiese verdedigings-meganisme** waarvan die funksie is die beskerming van die psige teen onaangename, pynlike ervarings. Dit is 'n slegte metode vir die bylegging van intra-psigiese konflikte, want deur die komplekse te verdring, gee dit 'n **skynbare** psigiese vrede. Tog lyk verdringing slegs die alternatief te wees as die psige nie daarin geslaag het om sig aan die omgewing aan te pas nie. As die neiging wat verdring word nie te sterk is nie, kan die verdringing betreklik bevredigend wees, maar as dit sterk is, bly die konflik in die onbewuste voortduur en word die psigiese energie verbruik en ontstaan die simptome van **neurose.**

(iii) In sy werk oor die onbewuste begrens Freud die meganisme van die tot 'n spesifieke taak naamlik om die omsetting van „saak"-voorstellings tot „woord"-voorstellings te voorkom.

**Alle nie-omgesette saakvoorstellings bly in die onbewuste.**

(iv) Die beweegredes vir verdringing vind Freud in wensvervulling en wel 'n **erotiese wensvervulling**. Die doel van die neurotiese simptome is die bevrediging van die erotiese verlangens, diensbaar aan die seksuele bevrediging van die pasiënt; dit is substituutmiddels vir die bevrediging van wense wat nie vervul kan word nie. Dit geld veral vir drie tipes van **oordragsneuroses:** angs-histerie, konversie-histerie en dwangneurose.

Die kragtigste verdringing vind plaas wanneer 'n wensneiging in stryd kom met die sedelik-godsdienstige en sosiale norme. Die verdringende kragte is dus eintlik **ego-kragte**, ego-neigings wat in elk geval sterker as die seksneigings is. As die seksneigings uiting wil vind, moet hulle dit doen deur die „muur" van die ego-neigings. Die verdringing is die gevolg van onlus-gevoelens. Die voorstellings en neigings soek lus en vermy onlus: dus is die onlusgevoel die eintlike verdringende oorsaak.

Die verdronge materiaal strewe voortdurend daarna om in die bewussyn deur te breek,[38]) **(„Wiederkehr des Verdrängten")**. Die terugkeer van die verdronge materiaal openbaar sig hoofsaaklik in kompromisvormings en sub-

---

37) Coetzee, **a.w. deel I**, bl. 93.
Bavinck, **a.w.**, bl. 321-322.

38) Coetzee, **a.w.**, **deel I**, bl. 99 e.v.
Bavinck, **a.w.**, bl. 321-322.

stituut-vormings. So is die droom en die neurose tipiese kompromisvormings. Ander manifestasies vind ons in die abnormaliteite van die alledaagse lewe soos **verspreek, vergis, verskrywe, sinisme, geestigheid, ens.**[39])

2. In die algemeen kan ons **drie tipes van verdringing** onderskei: —[40])

(i) Daar kan 'n direkte konflik wees tussen twee neigings en een word verdring. Byvoorbeeld 'n kind se neiging tot selfverheffing kan sy neiging tot selfvernedering verdring en word hy 'n neurotiese selfverheerliker.

(ii) Een psigiese fase in die ontwikkeling van die individu kan verdring word deur 'n reeds vroeër bestaande; byvoorbeeld die normale heteroseksualiteit kan verdring word deur die vroeër aanwesige homoseksualiteit.

(iii) Die belangrikste vorm van verdringing is egter die verdringing deur die ego.

3. Daar is **vier prosesse** wat enigsins in verband met mekaar staan: —[41])

(i) **Remming:** — Ons ken en aanvaar ons neigings en strewinge as natuurlik, maar rem hulle van volledige uiting ter wille van andere.

(ii) **Onderdrukking:** — Ons ken, maar aanvaar ons neigings nie; ons beskou hulle as onnatuurlik en selfs afstootlik en onderdruk hulle.

(iii) **Verdringing:** — Dit is die onbewuste proses waarin die psigiese elemente so afstotend is dat ons weier om hulle te ken of te aanvaar. Hulle breek egter langs abnormale weë deur na die bewuste toe.

(iv) **Selfbeheer:** — Ons ken en aanvaar ons neigings en gee daaraan uiting in ons gedrag deur herleiding na hoër doeleindes (sublimasie). Remming gaan meestal gepaard met selfbeheer.

Freud meen dat verdringing hoofsaaklik geskied op 2 en 3 jarige leeftyd. Hierteen is baie besware ingebring,[42]) veral omdat die psigo-analise hier nie 'n geneties-psigologiese gesigspunt aanvaar het nie, naamlik dat die proses van verdringing net soos alle psigiese prosesse geleidelik ontwikkel en laat in die lewe eers voltooi word. Ook die verdringing is 'n ontwikkelingsverskynsel. Met die toename in leeftyd neem dit 'n steeds meer uitgesproke en taaier vorm aan.

---

39) Freud, **Zur Psychopathologie des Alltags.** Vgl. Flugel, **a.w.,** bl. 283.
40) Coetzee, **a.w. deel I,** bl. 102.
Bavinck, **a.w.,** bl. 321-322.
41) Coetzee, **a.w. deel I,** bl. 106, 107. Vgl. ook Bavinck, **a.w.,** bl. 321.
42) Coetzee, **a.w. deel I,** bl. 107.

## V. FREUD SE „TRIEBE"-LEER (DRIFTE-LEER).[43])

Een van die grondbegrippe van Freud se Sielkunde is sy leer oor die **„instinktiewe strewing"** van 'n organisme. Ons vertaal „Triebe" met **drifte, drange, instinkte, neigings.** Hierdie „Triebe" is die grootste bronne vir die opwekking van die innerlike prikkelingsverskynsels. Die begrip „instink" is volgens hom 'n **grensbegrip** tussen die psigiese en die somatiese; die instink verteenwoordig die mate van werk aan die psigiese opgelê deur sy verbinding met die liggaamlike.

A. Die „Triebe" (instink) word gekenmerk deur die volgende **eienskappe: —**

(i) 'n Besondere verhouding tot die liggaamlike. ('n **„Resonanz in Köperlischen".**)

(ii) Die „instink" is 'n **konstante krag** en nie 'n momentele krag soos die ander prikkels nie.

(iii) Dit stam uit die **innerlike** samestelling van die persoon en kom nie soos die ander prikkels van buite nie.

(iv) Dit **kan nie ontvlug word nie** omdat dit uit die innerlike kom.

(v) Dit is 'n behoefte **(Bedürfnis)** wat roep om bevrediging.

(vi) Die instink is altyd **doelgerigd,** dit word openbaar in 'n doelbewuste strewe, 'n **„Triebziel".** (Ook genoem die „aktiwiteitsmoment" van die instink.)

(vii) Daar is 'n besondere **innige verhouding** tussen die instink en die objek waardeur die behoefte bevredig word.

(viii) Die instink het **groot invloed op ons denklewe,** 'n lewe wat beheers word deur „triebhaften Einstellungen". (Die „Vrye Assosiasie" bevestig hierdie invloed.)

(ix) Instinkte is neigings wat **terugstrewe na die vroegste toestand** van die organisme — dit is tot die dood self. **(Doodsdrang.)** Dat die organisme bly lewe, is bewys dat daar ook neigings is wat nie terugstrewe nie, maar progressief vorentoe, m.a.w. daar is ook **lewensdrifte naas** die doodsdrifte.

B. **Die beginsels van lus, werklikheid en herhaling.**

(i) **Lus:** — Die instink strewe na 'n bepaalde doel. Hierdie doel is die bevrediging van die drang. Die bevrediging van die drang gee altyd 'n **lusgevoel,** terwyl die nie-bevrediging daarvan **onlusvol** is. Tussen die instinktiewe strewe en die lusgewin bestaan daar dus 'n noue verwantskap. Die hoop om lusgewin te bekom, sê Freud, is een van die sterkste motiewe van ons handelinge — dis **dié** fundamentele lewensbeginsel. Dit lyk of ons hele psigiese lewe

---

[43]) Coetzee, a.w. **deel I,** bl. 109 e.v.
Freud, (a) **„Zur Metapsychologie"; „Trieb und Triebschicksale".**

daarop gerig is om lus te verwerf en gevolglik onlus te vermy. Ons word outomaties deur 'n **lusbeginsel** beheers.[44]) Dit is 'n fundamentele tendens van die psige.

(ii) **Werklikheid:** — Onder invloed van die drang tot selfbehoud van die Ego word die lusbeginsel vervang deur die **werklikheidsbeginsel.**[45]) Dit is die gevolg van die invloed van die buitewêreld op die ego. Die psige, alhoewel onder die hiel van die lusbeginsel, moet sig aanpas en skik aan die werklikheid van die lewe. Die lus is natuurlik of aangebore, die werklikheid aangeleer. Maar — die natuurlike lusbeginsel word eintlik net gewysig om aan die werklikheid aan te pas. Dus, onder invloed van noodgedwongenheid leer die ego om die lusbeginsel te modifieer. Die aldus „opgevoede" ego het „verstandig" geword en laat hom nie meer **oor**heers deur die lusbeginsel nie. Die ego verloor egter nie sy einddoel, naamlik om lus te verkry uit die oog nie, maar die ego stel die bevrediging van sy drange uit, verdra tydelik die onlus omdat die buitewêreld die direkte kortpad gesluit het. (Dis die „oue mens"?)
Die oorgang van die lusbeginsel na die werklikheidsbeginsel is een van die belangrikste stadia in die ontwikkeling van die ego.

In die lusbeginsel en werklikheidsbeginsel het ons reëlingsmeganismes. Maar daar is nog iets anders wat meer oorspronklik is, dit lê naamlik „jenseits des Lustprinzips", naamlik die (iii) **herhalingsdrang**[46]) (Wiederholungsdrang). Hierdie drang gaan bo die lusbeginsel uit. Dit is meer oorspronklik en elementêr, meer gelyk aan 'n drif. Die herhalingsdrang lê in die onbewuste, in die verdronge materiaal. Die meeste ervaringe wat deur die herhalingsdrang weer deurleef word, gee aan die ego onlus, aangesien dit uitinge van verdronge drifte aan die lig bring. Al die ongewenste aanleidings en leedgevoelens word deur senulyers in die oordragproses **herhaal** en met groot en intense lewendigheid **weer** beleef. Die mees algemene kenmerk van die herhalingsdrang is sy konserwatiewe natuur, sy strewe om 'n vroeëre toestand weer te herstel. Vir Freud is die herhalingsdrang ook 'n uiting van die wil-om-te-sterwe, 'n biologiese middel wat die organisme dwing na die her-instelling van 'n vroeëre toestand; 'n uiting dus van lewenstraagheid.

---

44) Freud, **26e Vorlesung**, bl. 411 e.v.
45) Coetzee, **a.w. deel I**, bl. 113; **a.w. deel I**, bl. 115, 116.
46) Coetzee, **a.w.**, bl. 117, 118.

C. **Die verloop van die instinkte (drange).**

Die gang van 'n instink in die loop van sy ontwikkeling, lê in een van drie rigtings, volgens Freud.[47])

(i) Omkering in sy teenoorgestelde.
(ii) Kanting teen eie persoon.
(iii) Verdringing en sublimering.

(i) **Die omkering:** — Kan van aktiwiteit tot passiwiteit oorgaan, vgl. bv. die teengestelde pare sadisme-masogisme en kyklus-ontblootlus. Ons kan ook dink aan die omsetting van liefde in haat vir dieselfde objek.

(ii) **Kanting teen eie persoon:** — Die masogis geniet die pyning van eie persoon en die ekshibisionis die ontbloting. (Die voorstadium van die kyklus noem Freud 'n narsistiese vorming — dit is die eerste ontwikkelingstadium wanneer die seksuele neiging op outo-erotiese wyse bevredig word. Die „aktiewe" kyklus ontwikkel uit hierdie narsistiese voorstadium.) Die feit dat in die verloop van die ontwikkeling ook die teendeel waargeneem kan word, noem Freud, na die woord van Bleuler, **ambivalensie.** Die beginsel van **ambivalensie** gee aan dieselfde voorstelling twee gevoelstone en beset dieselfde gedagte gelyktydig met 'n positiewe en negatiewe karakter, vgl. bv. liefdehaat wat sterk en gelyktydig teen dieselfde objek gerig kan wees. Dis ook duidelik in die liefde van kinders vir hulle ouers (na aanleiding van die Oedipuskompleks).

(iii) **Sublimering:** —[48]) Die energie van bv. die seksuele instinkte kan afgelei word van hulle oorspronklike seksdoel en gerig word op doeleindes wat van sosiale, kulturele o.a. betekenis is. Hierdie herleiding van die seksuele instink-energie in ander en hoëre bane, word deur Freud genoem sublimering van die instink-energie. Daardeur kom die lewe op 'n hoër niveau te staan. Die dryfkrag van die vooruitgang van die mens in sy wetenskap, kuns, kultuur, tegniek — ja **selfs sy godsdiens en sedelikheid soek Freud in die libido!** Maar in **al** hierdie genoemde dinge lê altyd op een of ander wyse verskuil die seksuele komponent.

D. **Indeling van instinkte:** — Kan in twee groepe saamgevat word.

(i) Ego of selfbehoudende instinkte.
(ii) Seksuele instinkte (primaat daarvan) en die Erosbegrip.

---

[47]) Freud, **Zur Metapsychologie.**
Coetzee, a.w. deel I, bl. 122 e.v.

[48]) Coetzee, a.w. deel I, bl. 132-135.
Bavinck, a.w., bl. 323.
Waterink, J., a.w., bl. 164 en 266.

Freud vorm 'n teenstelling tussen die ego en die seksuele instinkte.

Duidelik moet gelet word daarop dat die begrip „seks" by Freud 'n breë betekenis kry. Dit het nie slegs betrekking op die aktiwiteite van die geslagsorgane nie. Naas die engere betekenis stel Freud verder:

(a) Die voorstadia van seksuele ontwikkeling (die infantiele seksualiteit), die seksuele afwykings of perversies.
(b) Die in hulle doel geremde liefdesneigings.

Hy definieer „seksuele neigings" as al sulke drifte wat in verband staan met wat ons gewoonlik verstaan onder „liefde". **Freud sê:**[49]) „Die kern van wat ons liefde noem, vorm ook wat 'n mens in die algemeen liefde noem en wat as sodanig deur digters besing word: die geslagsliefde, met as einddoel die geslagtelike vereniging. Ons sluit egter ook in eie liefde, ouerliefde, kinderliefde, vriendskap, algemene menseliefde, toewyding aan bepaalde voorwerpe of abstrakte denkbeelde". Hierdie wyere opvatting van die liefde vind mens deels ook in die „Eros" by Plato, wat nie net geslagsliefde is nie, maar ook ouerliefde, kinderliefde, wat ook die bron is van die gesellige samesyn, die skoonheid van die kuns, die liefde vir die mooie, die goeie en die verhewene. Ons kan verstaan waarom Freud die woord Eros van Plato oorgeneem het.

Ons moet verder daarop wys dat Freud die bestaan van die ego-instinkte wel **erken,** maar dat hy feitlik **alle aandag** gegee het aan die **seks-instinkte.** Die ego-groep word nie nader omskrywe nie en bly vaag en onomlynd. Hy erken self dat hy die ego-instinkte verwaarloos het.[50])

E. **Die libido en energieë: —**[51])

Freud onderskei tussen:

(i) 'n Energie verbind aan die seks-instinkte, 'n seksuele instink-energie en
(ii) 'n energie verbind aan die destruksie- of doods- of ego-instinkte.
(iii) 'n Soort van „verskuifbare" of verplaasbare energie, 'n energie wat in sigself neutraal is maar wanneer dit met een van (i) of (ii) genoemde energieë saamgaan, word die gesamentlike besetting verhoog. Dit is juis hierdie

[49]) Coetzee, a.w., bl. 140. Alle outoriteite wys daarop dat Freud met „seks" en „liefde" 'n wye begriphuldig, wyer as wat gewoonlik daaronder verstaan word.
[50]) Coetzee, a.w. deel I, bl. 144.
[51]) Coetzee, a.w. deel I, bl. 150 e.v. Vgl. ook Waterink, a.w., bl. 158 en 169 en Bavinck, a.w., bl. 319 e.v.

„verskuifbare" energie wat die verklaring moontlik maak van die omsetting van liefde in haat. Hierdie soort energie kom uit die Id en dra **ook** 'n seksuele potensialiteit en kan genoem word gesublimeerde seks-energie.

**Vir Freud is die onder (i) genoemde seksuele instink-energie die belangrikste en daarna gee hy die naam „libido".** Seks moet hier in die wydste sin van die woordbetekenis (volgens Freud) opgevat word. Libido beteken dus nie slegs sinlike lus nie, maar dit is 'n energiebegrip. Freud sê in sy werk, „Mannenpsychologie", bl. 42 libido is die „kwantitatiewe energie van al die drifte wat verbind het met wat ons samevattend liefde noem". In sy „Vorlesungen" XXVI, 483 noem hy die „energie-besettings" wat die ego rig op die objek van sy seksstrewinge die **libido**; al die ander wat uit die selfbehoudsdrif ontstaan, die „interesse". Freud sê dat die libido analoog is aan **honger**, die krag waarmee die voedings-instink tot uiting kom.

## VI. DIE ONTWIKKELING VAN DIE SEKSUALITEIT.

Dit is 'n verdienste van Freud dat hy die bestaan van „liefde" in besonder die erotiese en geslagsliefde, in die eerste kinderjare, tot ses jaar, aangetoon het.[52]) Dit is veral 'n bydrae tot die Kindersielkunde. Reeds in 1905 verskyn hieroor sy beroemde en berugte werk: „Drei Abhändlungen zur Sexualtheorie." Dit is in hierdie werk waarin hy aantoon wat die gronde is vir die aanname van 'n infantiele seksualiteit. Voor hierdie tyd is aanvaar dat geslagsdrif eers met die puberteit sy aanvang neem. Hierdie nuwe beskouing dat die „onskuldige" en „vlekkelose rein" kindjie 'n betreklik ryke seksuele lewe het, het vanselfsprekend weerstand uitgelok.

**Wat is verder Freud se beskouing oor die ontwikkeling van die seksualiteit?**

### A. Die normale ontwikkeling: —

Freud onderskei in die tyd van geboorte tot puberteit drie groot stadia van seksuele aktiwiteit: —

(i) **Die infantiele seksualiteit** by die suigeling. Hierdie stadium, gevolg deur 'n kort latente periode, duur tot die derde of vierde jaar.[53])

(ii) **Die kinder-seksualiteit,** te verstaan as 'n (i) aktiewe seksualiteit tot die 5de of 6de jaar, en (ii) 'n latente periode van die sesde tot die 10de jaar.

(iii) **Die puberteit,** die tyd van volle seksuele uiting, die adolessente seksualiteit.

---

[52]) Müller-Freienfels, R., a.w., bl. 135.

Daar is, volgens Freud, twee groot meganismes of prosesse van gevoelsbinding tussen persoon en persoon in die psigo-seksuele ontwikkeling van 'n individu, naamlik **objekbesetting** en **identifikasie.**

(iv) **Die ontwikkeling van die objekbesetting: —**
In die proses van objekbinding is daar drie moontlikhede of rigtings vir die seksuele instink-energie:

(i) Dit kan **„objekloos"** wees.
(ii) Dit kan die **ego tot objek** hê.
(iii) Dit kan 'n **ander individu as objek hê.**

Hierdie volgorde vind ons in die normale psigo-seksuele ontwikkeling.

(a) **Oorwegend objekloos: —**
Ons vind in die infantiele seksualiteit oorwegend objekloosheid; die drif is diffuus en **outo-eroties,**[54]) vind sy bevrediging in die eie liggaam.

(b) **Die soeke na 'n objek: —**
Freud noem dit die tyd van die sg. **„narsisme": —** die **eie ego het die objek** van die seksuele instink-energie geword.[55]) Hier is die begin van 'n bepaalde soeke na 'n seks-objek. Die eerste objek was vroeër die moederbors! In hierdie leeftyd (3-5 jaar), wanneer die moeder die liefdes-objek word, het die psigiese proses van verdringing al sy werk begin. Met die keuse van die moeder as liefdes-objek is verbind die sg. **Oedipus-kompleks.**[56]) In die geval van die dogter word dit genoem die **Electra**-kompleks.[57]) Vir die seun beteken die Oedipus-kompleks 'n vashou aan die objek wat hy reeds vantevore liefgehad het. Die seun wil die moeder as „seksobjek" hê en gevolglik word die vader beskou as 'n „mededinger".[58]) By meisies is dit ietwat anders gesteld: die objekbinding moet eers 'n omvorming ondergaan: van die oorspronklike binding aan die moeder tot 'n binding aan die vader.
Na hierdie periode van „seksuele aktiwiteit" volg die jare (6 tot 10 jaar) van verminderde aktiwiteit; dit is die tweede **seksueel latente tydperk.**[59]) (Daarom

---

[54]) Flugel, **a.w.,** bl. 283.
Heidbreder, **a.w.,** bl. 386.
[53]) Müller-Freienfels, R., a.w., bl. 135 e.v.
[55]) Vgl. Bavinck, J. H., **a.w.,** bl. 320, 325.
[56]) Vgl. Aveling, **a.w.,** bl. 40 en 41.
[57]) Vgl. Thorpe en Katz, **a.w.,** bl. 747.
[58]) Flugel, **a.w.,** bl. 285.
[59]) Coetzee, **a.w. deel I,** bl. 180-182.

beskou baie mense die kind as a-seksueel.) Die kind ontwikkel nou die besef van sekere grense in die sekslewe, 'n remming van die seksuele instink-energie; dit lei weer tot skaamte, afweer, ens. Gedurende hierdie latente periode, word die aktiwiteit van die infantiele seksualiteit gedeeltelik verdring en gedeeltelik gesublimeer; die sinlike gevoel word omskep in 'n gevoel van teerheid vir die ouers. Die sinlike fiksering van die Oedipustyd is na die onbewuste teruggewerk. Seuns en meisies het weinig met mekaar te doen en gee min ag op mekaar. In die plek van seks speel die selfgevoel die hoofrol. Die kind is hoogs ingenome met homself, selfvergenoegd, selftevrede. Die ego is die objek van belangstelling.

(c) **'n Ander individu as objek: —**[60])

Die laaste stadium van die seksuele ontwikkeling sien ons daarin dat die lusgewin in diens van die voortplantingsfunksie **begin** tree.

Teen die einde van die latente periode begin die seksinstink steeds kragtiger tot openbaring kom. Hierdie na vore trede van die seks-energie hang saam met die geslagtelike rypwording in een van die mees gekompliseerde ontwikkelingstadia in die somatiese en psigiese groei van die mens, t.w. die **puberteit**. Oënskynlik heers daar vyandskap tussen die twee geslagte, maar in die diepte van die psige is dit anders. Eers word intieme vriendskapsverhoudinge met die gelyke geslag gevorm. Die objekte is nie meer die ouers nie, maar ander persone. Freud noem dit 'n „voorstadium" van homoseksualiteit, ter vervanging van die ouere outo-erotisme en narsisme. Dit is egter volgens Freud 'n heeltemal **normale** stadium wat op sekere hoogte lewenslank duur, soos blyk uit lewenslange vriendskappe. Eers in die tweede stadium van die adolessensie word die teenoorgestelde geslag as seks-objek gekies, die stadium van hetero-seksualiteit. Die drang tot die ander geslag is nou nie meer te keer nie! Die ware seks-objek word gevind. Veral is dit die man wat streef na die „endlus", in diens van die voortplanting. By die vrou vind ons iets van 'n terughouding. Die seksdaad vind in die reël nog nie plaas nie. Fantasie speel wel 'n belangrike rol.

---

[60]) Coetzee, a.w. deel I, bl. 182 e.v.

(v) **Die ontwikkeling van die identifisering:** — (Identifikasie.) Ons het gesê dat behalwe die gevoelsbinding deur die objekbesetting, daar ook nog die gevoelsbinding deur middel van die identifisering is. Freud wys daarop dat:

(a) Reeds die klein seuntjie in die **Oedipus-tyd** 'n besondere belangstelling toon vir sy vader; hy sou wil word soos sy vader.[61]) Die vader is sy ideaal. Die betekenis of doel van die identifisering is die gelykmaking van die subjek aan die voorbeeld van die vader. (Daar kan egter ook ander objekte as die vader as voorwerpe vir identifisering dien.) By 'n psigies gesonde seun moet die moeder-identifikasie terugstaan vir die veel sterker vader-identifikasie. Min of meer dieselfde gebeur in die geval van die dogter. Die gevolg is dat uit die ego ontstaan nou 'n nuwe element in die persoonlikheid, wat deur Freud genoem word die ego-ideaal of die: —

(b) **Super-ego.** Die super-ego is dus die opvolger van die Oedipus-kompleks. Die super-ego of ego-ideaal het dus die taak om die Oedipus-kompleks te verdring. Die self-liefde wat in die narsistiese stadium gerig was op die eie ego, word nou ten dele gerig op die super-ego. Met die koms van die puberteit, ervaar hierdie super-ego 'n buitengewone versterking. Die ego-vorming word in hierdie tyd bewus belewe soos ons kan opmerk uit die verering van helde wat openlik of bedek nageboots word. Ook is hierdie identifiseringsproses van groot betekenis vir die vorming van sosiale gevoelens, ens.

B. **Die abnormale ontwikkeling van die seksualiteit.**

Die seksuele lewe is 'n terrein waarop allerlei abnormale afwykings kan voorkom.[62])

Ons vind veral twee hoofmoontlikhede wat volg uit die abnormale funksionering van die libido:

(i) Elke stadium in die ontwikkeling van die seksualiteit kan as **ontwikkeling-remming gefikseer word.** Fiksering vind plaas wanneer 'n deel van die persoonlikheid bly staan by 'n vroeër ontwikkelingstadium. Vind so 'n fiksering

---

[61]) Coetzee, a.w. deel I, bl. 190-192.
Aveling, a.w., bl. 40 en 41.
Thorpe en Katz, a.w., bl. 746: „Freud came to believe that this complex was almost entirely of an unconscious fantasy nature and that a mother-image in the unconscious constituted the love-object."

[62]) Ons vgl. Thorpe en Katz se baie goeie sistematiese uiteensetting oor hierdie afwykings. H. 16, bl. 297 tot 336.

plaas, dan kan 'n hindernis in die weg van die uitoefening van die ontwikkelde funksie, aanleiding gee tot 'n terugkeer of regressie na 'n vroeër ontwikkelingstadium. As daar geen vooruitgang in die psigiese lewe is nie, kom daar agteruitgang — daar is nie sprake van rus of stilstand nie, sê Freud.

(ii) **Regressie:** —

(a) **Perversies en ontaardings:** Alle **perversies** beskou Freud as 'n regressie na 'n infantiele stadium van die die seksuele ontwikkeling.[63]) Dit sal afhang van die struktuur van die ego of die regressie as perversie tot ontplooiing sal kom. So kan in die psigiese lewe van die volwasse neurotiese persoon die gedagtewêreld van die kind met sy seks-wense weer herlewe. Freud beskou regressie in 'n omvattende sin naamlik as die kenmerk van **alle psigo**-neuroses en toestande soos amnesie, anestesie, paraliese, trekkings; ook toestande soos dissosiasie, fobies, ens. Homo-seksualiteit by volwassenes is niks anders as 'n fiksering van vroeëre neigings naamlik die homo-seksualiteit van die kinderjare (wat toen ter tyd normaal was), 'n regressie na 'n reeds afgelegde fase in die normale seks-ontwikkeling,[64]) volgens Freud.

Ander **ontaardings** vind ons daar, waar as seksobjekte geneem word seksueel onrype kinders en selfs ook diere!

Afwykings in die **seksdoel** kan genoem word in gevalle waar die seksdrif nie beperk is tot slegs die geslagsdele nie, maar die **hele** liggaam van die seksobjek betrek word.

As 'n tipiese abnormaliteit i.v.m. die seks-objek-oorskatting noem Freud (b) die **Fetisisme.**[65]) Die fetisistiese surrogaat vir die seks-objek is gewoonlik 'n deel van die liggaam wat kwalik i.v.m. seks gebring kan word soos bv. die voet of hare van 'n persoon; ook 'n objek wat in besit van die seks-objek is, soos bv. 'n sakdoek, enige kledingstuk. Hierdie seks-gedrag word abnormaal sodra die strewing op die feties

---

[63]) Coetzee, a.w. **deel I**, bl. 197.

[64]) Adler se kritiek hierop: Coetzee, a.w. **deel I**, bl. 201, 202.
Oor Homo-seksualiteit vgl. Thorpe en Katz, a.w., bl. 311-320.

[65]) Thorpe, L. P. en Katz, B., „**The Psychology of Abnormal Behaviour**". Fetishism is believed to appear as the result of the individual's evaluation of himself and of those with whom he comes in contact. The individual utilizes the mechanism of substitution. He fears being rejected by members of the opposite sex and therefore safeguards himself against possible failure (in sexual relationships) by substituting some part of the body or an article of clothing for the genetalia.

gefikseer word en die feties die plek gaan inneem van die normale seksdoel, m.a.w. as die feties los van die bepaalde persoon die enigste seks-objek word. As oorsaak van fetisisme kan genoem word die ontbreking van die begeerte vir die normale seksdoel, wat in baie gevalle die gevolg is van swak funksionerende geslagsorgane of totale impotensie. Hierdie ontaardings by volwassenes moet beskou word as fikserings van elemente wat in die kinderseksualiteit normaal was. Ons het reeds opgemerk dat Freud die kind se sekslewe, deur die bril van die volwassene gesien, beskryf as polimorf-pervers, bv. 'n kind se behae en seksuele bevrediging in pynaandoen (sadisme), voldoening in spel met eie liggaam (narsisme), raak „verlief" op 'n pop, kat, ens. (fetisisme).

(iii) **Seks-instink by die neurotikus: —**[67])

Die neurotikus is 'n persoon met sterk gevormde neigings, neigings wat in die loop van sy ontwikkeling verdring, onbewus en pervers geword het. Sy onbewuste fantasieë toon dieselfde inhoud as die van die perverte. Hy/sy toon o.a. die volgende afwykings: —

1. Die neiging tot inversie, fiksering van die libido op persone van dieselfde geslag.
2. Die seksualiteit van die neurotikus is baie sterker verdring as die van die normale mens; dit vind uiting in 'n breë polimorf-perverse sin. Die neurotikus behou dus die infantiele houding teenoor die seksualiteit of keer terug daarnatoe, vanaf die normale na die abnormale. Daar is egter die belangrike verskil: by die neurotikus vind die seks-instink nie bewus en aktief sy uiting nie, maar bestaan onder verdringing en werk dus in die onbewuste voort. As gevolg van die druk uitgeoefen deur die seks-instink, en die teendruk van die maatskappy, ontstaan die senusiekte.[68])

## VII. NARCISME EN EGO-ONTWIKKELING.

### A. Narcisme: — (Beskrywing en voorbeelde).

Ons het reeds opgemerk dat Freud 'n dualistiese instinkte-leer daargestel het: Seksuele en Ego-instinkte (Eros- en Thanatos- of doodsdrifte), met oorbeklemtoning van die seksuele. Die tweede

---

[66]) Thorpe en Katz, **a.w.**, bl. 328: „By exhibiting the genital organs, the individual feels important (satisfies a need) in that he gains attention; he may also experience sexual gratification."
Vgl. Kritiek van Adler: Coetzee, **a.w.**, **deel I**, bl. 207.

[67]) Coetzee, **a.w. deel I**, bl. 207 en 208.

[68]) Kritiek op Freud hieroor: Coetzee, a.w. **deel I**, bl. 209 e.v.

groep het hy beslis verwaarloos en eers baie laat hieraan begin werk. Belangrikste bron vir ons kennis van Freud se ego-begrip, is sy werk: „Zur Einführung des Narzissmus." (Die woord is afgelei van Narcissos, 'n jong man in die Griekse mitologie wat op sy eie skoonheid verlief geraak het en hom van die vrouegeslag afgekeer het.) Tot sover het Freud in die persoonlikheid slegs twee dinamiese elemente gesien, naamlik die seksuele (insluitende outo-erotisme en objek-libido) en die nie-seksuele of ego-neigings.

Deur middel van begrip „narcisme" onderskei hy 'n **derde element** wat hy noem „ego-libido". Hy is van mening dat 'n deel van die ego-neigings van libidineuse (b.n.w. van n.w. libido) aard is, dat die ego sigself tot objek van sy liefde kan hê. Hierdie soort libido wat aan die ego verbind is, noem hy **narcistiese libido.**[69])

Naas die energie wat uitgaan van die seksdrif (die libido) en naas die energie van die ego-drif (die interesse) kom Freud tot 'n **derde vorm** van energie wat uitstroom uit die narcistiese libido-voorraad, die ego-libido, 'n „gedeseksualiseerde Eros". Narcisme is dus self-liefde — d.i. 'n toestand waarin die libido op die self of ego gerig word. Die narsis is daardie persoon wie se libido geen bevrediging vind in die binding aan 'n ander persoon nie en heeltemal opgaan in eie persoon en persoonlikheid. Hy onderskei verder 'n primêre narcisme en bedoel daarmee die oorspronklike staat van self-liefde waarin die ego verkeer. In die verloop van die psigoseksuele ontwikkeling word hierdie self-liefde deur objek-besetting verander tot die objek-libido. Maar a.g.v. allerhande omstandighede soos depressie, paranoia, ens. kan die libido terugkeer op die self deur onttrekking aan die buitewêreld. Hierdie na die ego terugkerende libido, noem Freud sekundêre narcisme, 'n patologiese verskynsel.[70]) Narcisme is 'n natuurlike fase in die psigo-seksuele ontwikkeling van die individu. (Die eerste fase is outo-erotisme, die tweede narcisme, die derde homo-seksualiteit en vierdens of laastens heteroseksualiteit.)

Freud onderskei dus nou tussen die libidineuse en die egoïstiese aspekte van die self, waardeur ook die nie-seksuele elemente van die ego benadruk word. Die narcisme en egoïsme is dus nie identies nie. Egoïsme veronderstel die begrip van voordeel vir die individu; narcisme veronderstel die libidineuse bevrediging. Die teenhanger van egoïsme is altruïsme, van narcisme die identifikasie met 'n ander persoon. Narcisme kan ons waarneem by die organies-sieke mens; die libido word losgelaat van sy objekte, m.a.w. die belangstelling in dinge uit die buitewêreld word prysgegee en die libido word teruggetrek in die ego. Ook hipokondrie kan op hierdie wyse verklaar word.

---

[69]) Bavinck, a.w., bl. 320. „Bevinden zich de objecten, die aldus met libido bezet worden, buiten het individu, dan is er sprake van extraversie; liggen ze binnen het individu, dan spreekt men van introversie of narcisme."

[70]) Coetzee, a.w. deel I, bl. 216, 217.

Opsomming, sê Coetzee,[71]) kan die narcis verlief raak op:

(a) Wat 'n mens self is, (sigself)
(b) Wat 'n mens self eens was
(c) Wat 'n mens graag sou wou wees, (die ideaal)
(d) Wat eens 'n deel van die eie self was ('n kind).

B. **Ego-ontwikkeling.**

Dit is die leer van die narcisme wat uitgemond het in die analise van die ego. Hy verdeel die psige in drie entiteite: —

(i) Die „Id".
(ii) Ego.
(iii) Super-ego. (Ego-ideaal.)

Die onderskeiding is nie skerp omlyn nie. Die „id" is die wydste begrip. Die ego en super-ego is opeenvolgende latere differensiasies van die Id. Die Id is die groot oorspronklike reservoir van instink-energie; die ego is die waarneembare aspek van die psige, die deel wat die aanpassing gee; die super-ego is die sedelike faktore wat sosiaal die aanpassings van die ego reël.

Nader bepaal: —

(i) **Die „Id":** — By die geboorte is slegs die Id aanwesig, 'n bron van die ego-instink-energie. Ons word, om dit so te stel, „gelewe" deur onbekende magte.[72]) Hier kan ons nie praat van 'n ego-besef nie, maar slegs van diffuse ego-neigings.

(ii) **Die Ego:** — Dit is nie aangebore of oorgeërf nie, nie van geboorte af aanwesig nie, maar kom tot ontwikkeling deur die lewe — dit word verwerf.[73]) Aanvanklik val die ego saam met die lusvolle maar tree al meer en meer in verhouding met die buitewêreld. In die Id heers slegs die lusprinsipe. In die begin is die ego-neigings ook onder die skoen van hierdie lusbeginsel, dit moet sig skik en aanpas by die werklikheid (die opgevoede ego). Die ego is 'n deel van die Id, maar dit is 'n gewysigde deel, gewysig deur die direkte invloed van die buitewêreld. Die onderste dele van die ego vloei egter weer in die Id in. Die ego is eerstens 'n „liggaamlike ego". Die ego kom in aanraking met drie oppervlakke: die buitewêreld, die libido van die Id en die Super-ego; dit word dus van drie kante af beïnvloed.

---

[71]) Coetzee, a.w. deel I, bl. 227. Vgl. Thorpe, a.w., bl. 746.

[72]) Coetzee, a.w. deel I, bl. 233 en 234.
Roback, A. A., „The infant is all id, grabbing everything and offering nothing . . ." a.w., bl. 285.
Bavinck, bl. 319.

[73]) Coetzee, a.w. deel I, bl. 238-240.
Roback, A. A., „. . . there comes into being the realistic ego, which deals with the outside world and therefore must seek to modify both the id and the super-ego and adjust so as not to barter away social status or economic advantages for fleeting pleasures . . .", bl. 285.

(iii) **Die Ego-ideaal of Super-ego: —**[74])

Met die ontwikkeling van die individu word daar in die vroeë kinderjare reeds 'n deel van die ego afgesplits waaruit bogemelde ego-ideaal gevorm word. Die „Ideaalbildung" ontstaan nadat die narcistiese stadium vergroei is, wanneer die ego-libido gerig word op 'n buitestaande objek. Die ego-libido word gedeeltelik omskep in objeklibido; die ander deel word bestee aan die vorming van die super-ego. Die super-ego word die opvolger van die Oedipus-kompleks; word ook die opvolger van die oorspronklike narcisme. Die oorspronklike narcistiese selftevredenheid ontvang 'n skok en die persoon dra 'n deel van die selfgevoel oor op die nuutgevormde ego-ideaal. Dit is hierdie geprojekteerde ideaal van die eie self wat nou dien as maatstaf. Die ontwikkeling van die ego-ideaal kom as gevolg van die opvoeding tot stand. Die ontwikkeling van die ego-ideaal gaan hand aan hand met die gang van die opvoeding — dit is die **gevolg** van die opvoeding. As gevolg van die voorbeeld in woord en daad, eers vanweë die gesag van die ouer, onderwyser en later die hele gemeenskap, bou die opgroeiende kind 'n ideaal op oor hoe hy/sy graag sou wil wees. Hierdie norm word die sensuur.

**Die Super-ego is dus: —**[75])

(a) Die gevolg van die eerste en belangrikste identifikasie, naamlik met die ouers.

(b) Die gevolg van die invloed van die opvoeding en gesag, veral ouerlike gesag.

(c) Die opvolger van die Oedipuskompleks.

In die ontwikkeling van die ego splits dus, onder invloed van opvoeding en gesag, 'n deel af. Hierdie afgesplitste deel staan dan eintlik teenoor die ego; dit omvat die gewete en staan normaalweg krities teenoor die ego maar minder onverbiddelik as die gewete — dit beoefen die **morele** gewete, selfwaarneming en die droomsensuur. Dit het die grootste invloed by die verdringing. So kan Freud vanuit sy leer van die super-ego praat van 'n „hoër natuur" van die mens. **As substituutvorming vir die vurige vaderverlange, bevat die ego-ideaal die kiem waaruit alle godsdiens ontstaan!** Die selfoordeel oor die onvolmaaktheid van die ego in vergelyking met die

---

[74]) Coetzee, a.w. deel I, bl. 240-248.
Müller-Freienfels, R, bl. 137.
Flugel, a.w., bl. 288-291.
Bavinck, a.w., bl. 320, „. . . later is het dit ik-ideaal, het welke als representant der ouders de functie van het verbieden overneemt."

[75]) Coetzee, a.w., bl. 243-245.
Bavinck, a.w., bl. 320: — Het ik-ideaal omvat de som van alle inperkingen, waarbinnen het individu zich heeft te voegen, van alle regels naar welke het zich heeft te gedragen."

ego-ideaal, bring die mens tot „deemoed". Die spanning tussen die ego en ego-ideaal, die beperkings opgelê op die ego en die daaruit voortspruitende skuldgevoelens, lewer materiaal vir die totstandkoming van die „sedelike karakter". **In die godsdiens neem die hemelse Vader die gebode en verbode van die vader oor!** Godsdiens, sedelikheid en sosiale gevoel — die vernaamste elemente van die „hoogste" **in die mens,** was oorspronklik almal dieselfde: dit het ontstaan uit die super-ego, die opvolger van die Oedipuskompleks! **Almal groei uit 'n oorspronklike vaderidentifisering.**[76]) **Die ontstaan van die godsdiens, die sedelikheid, sosiale gevoel, ens.** verklaar Freud dus volgens hierdie ewolusionistiese beginsel. Sy verklaring beklemtoon dit dat alles **skeppinge van die mens self is,** hoofsaaklik van die onbewuste in die mens. In ons kritiek op Freud se leer, sal ons hierop moet terugkom.[77])

Aan die **simbool in die psigo-analitiese betekenis van die woord,** word die volgende kenmerke toegeken: —[78])

(a) **'n Simbool is 'n plaasvervanger of 'n verteenwoordiger van die onbewuste** in die bewuste.[79]) 'n Simbool is die sinryke uiting van die gesimboliseerde. In meeste gevalle is die betrekking tussen die simbool en die gesimboliseerde verwyderd en vaag. Die interpretasie van die simbole (deur die analitikus) wek by baie pasiënte 'n **weerstand** op omdat hierdie betrekking vir die pasiënt dikwels duister is. Vir die analitikus is die simbole egter ryk aan inhoud.

(b) **Die betekenis van die simbool is veelomvattend.**

In die praktyk van die psigo-analise, tel hierdie simbole by die duisende. Eienaardig egter, dat die dinge of gedagtes wat in simboliese vorm tot uiting kom, maar baie klein is in getal. Die simbool is die voorstelling en veraanskouliking van die mees primitiewe gedagtes en wense van die mens. Jones meen dat daar sowat 100 gesimboliseerde dinge is; vir die self is daar ongeveer 20 voorstellings. Die grootste aantal gesimboliseerde voorstellings hoort tot die terrein van die seksuele lewe.

Die simboliek is die „taal" van die onbewuste; die pad na die onbewuste is **die droom.** In die droomlewe van die mens kry ons die beste verduideliking van die simboliek.[80])

---

[76]) Coetzee, se kritiek hierop: — **a.w. deel I, H. 4, paragraaf 4.**
Bavinck, **a.w.,** bl. 320. „Het kind legt een buitengewone belangstelling aan den dag voor den Vader; het zou willen zijn als deze en geheel in diens plaats willen treden; den vader maakt het tot zijn ideaal."

[77]) Coetzee se kritiek, **a.w. deel I,** bl. 247 en 248.

[78]) Aangehaal deur Coetzee, **a.w. deel I,** bl. 259.
Vgl. Heidbreder, bl. 383 (**a.w.**); vgl. Aveling, **a.w.** bl. 33; vgl. Flugel, **a.w.** bl. 282; vgl. Müller-Freienfels, R., „Die psigoloog moet agter hierdie simbole kan insien om die werklike motiewe te kan opspoor . . ." **a.w.**

[79]) Bavinck, **a.w.,** bl. 322. „In het algemeen zijn de droomen vol van dergelijke symbolen van verdrongen belevingen. Voor die psigo-analyse is de droomanalyse wel het middel by uitnemendheid, om tot het onbewuste zieleleven door te dringen."

[80]) Vgl. Aveling, F., **a.w.,** bl. 33.
Vgl. Heidbreder, E., **a.w.,** bl. 383.

So bv. word geboorte gereeld voorgestel deur water; die dromer val in water of kom daaruit. Die dood word vervang deur 'n reis. **Die oorgrote meerderheid van die simbole is egter seks-simbole.**

Dat die oorgrote meerderheid van hierdie simbole tot die terrein van die seksuele lewe behoort, kan o.a. daaruit verklaar word dat dit veral die seksneiging en uiting is, wat aan verdringing onderhewig is vanweë die algemene sosiale onderdrukking. Geen ander sfeer van die psigiese lewe het juis hierom meer behoefte aan indirekte uiting en voorstelling nie. Maar simboliese denke is ook 'n primitiewe, argaiese, infantiele denkwyse; dit is dus 'n terugkeer of regressie na die denkwyse van die „primitiewe mens".

(c) Die simbool het 'n **betreklik konstante betekenis**; dit het in die reël steeds dieselfde betekenis sê hulle.

(d) **Die simbool is onafhanklik van individuele „voorwaardes".** Dit is nie afhanklik van bepaalde individuele faktore nie; die individu het nie 'n onbeperkte veld van „keuse" vir die simboolvorming nie, maar 'n heel beperkte. Met ander woorde die tipiese is dat die interpretasie van baie van die simbole nie net vir aparte persone geld nie, maar oor die grense van individualiteit heenreik na die volk, die ras en die hele mensdom. Aan die wortel van die ontstaan van die simboliek lê die gedagtes, wense en drifhoudinge wat algemeen menslik is.

(e) **Die simbool het belangrike taalkundige betrekkings.** Daar is taalkundiges soos H. Sperber van die Universiteit te Uppsala, wat meen dat die seksuele behoeftes aansienlik meegewerk het tot die ontstaan van die taal! Later het hierdie taalwortels hulle seksuele betekenis stadigaan verloor. Die simbool-betrekking van die droom is die oorblyfsel van die oeroue „woord-identiteit" met die geslagsdaad!

Die simbool is dus 'n aanpassing aan die eise van die werklikheid; as dit daarin nie slaag nie, dan is die simbool eintlik 'n simptoom van 'n bedekte konflk.

## IX. KRITIEK OP DIE PSIGOLOGIE VAN FREUD.

Die Psigo-analise berus op prinsipiële grondstellings van Freud, op sekere algemene beginsels wat beslis filosofies van aard is. By 'n beoordeling van Freud se psigologie sou dit daarom ook geregverdig wees om filosofies te reageer. En hoe sou ook die **teoloog** swyg na alles wat Freud kwytgeraak het?

### A. Enkele teologiese en filosofiese besware: —

(a) Sy psigologie is sterk deterministies gekleurd: daar is 'n konsekwente **kousale determinering** van die psigiese verskynsels. Natuurwetenskaplike beginsels van oorsaak en gevolg poneer

hy ook in die Sielkunde. Elke psigiese verskynsel moet 'n oorsaak hê wat self ook psigies van aard is. Elke sielkundige handeling word volstrek gedetermineer. Hiermee word **alle teologie,** doelgerigtheid in die handeling van die mens vernietig. As lewensbeginsel voer so 'n leer tot die ontlediging van vryheid — mens is eintlik die prooi van hierdie inherente bepalende beginsels — 'n sterk verwantskap aan die tipies Grieks-heidense leer van die „ananke". (Noodlot.) Bygevolg is daar van **verantwoordelikheid** ook kwalik sprake — as mens se handelinge immers, die een na die ander, só gedetermineer word, hoe kan jy dan nog daarvoor verantwoordelik wees? Wie hierdie „leer" aanhang, sal ook in die logiese gevolg daarvan beland — díe „noodlot" sal hom voer tot fatalisme. 'n **Fatalistiese lewensbeskouing** smelt weg in **skeptisisme** en **pessimisme.** Ons gaan nie hier in op die wesenlike verskille tussen die Bybels-reformatoriese leer van vryheid en verantwoordelikheid en hierdie **in wese paganistiese determinisme** nie.

(b) Die verdere konsekwensie van Freud se deterministiese standpunt moet chaoties werk in die **etiese handeling** van die mens, omdat sy vryheid (en verantwoordelikheid) eintlik verval. Die mens word 'n **meganisme.** 'n Meganisme is nie 'n voorwerp van sedelike oordeel nie.[81]) ('n **Meganiese Beskouingswyse.**) Hier kom **nooit** 'n **egte** mens voor die **ware** God van die Openbaring nie.

(c) **Freud is hedonis** in die uiterste, volle sin van die woord. Sentrale lewensbeginsel is nie **„lus".** Psigiese aktiwiteit gaan gepaard met ontlading van psigiese energie en hierdie ontlading word deur die ego as „lus" (bevreding) ervaar. Die wensvervulling berus op twee groot beginsels waarop die hele lewe van Freud gegrond is, naamlik die lusbeginsel en die werklikheidsbeginsel. Hierdie lus is primêr, deur en deur seksuele lus. Sy libido is algemeen seksualisties. Sy kritici praat met reg van **pan-seksualisme.** Pan-seksualisme is een van die vernaamste redes waarom Adler en Jung Freud se weë verlaat het. 'n Skewe en eensydige beskouing deurtrek sy hele sisteem.

(d) Professor Coetzee[82]) gee in sy kritiek 'n paar aanhalings uit Freud se werke, wat toon dat Freud se sielkunde **amoreel** is; selfs **immoreel.** Freud sê bv.: „Die genesende middel teen die uit die huwelik ontstane nervositeit is die egtelike ontrou." M.a.w., as die getroude man se senuwees hom pla, kan hy deur egtelik ontrou te wees, genees word! Verder sê Freud dat seksuele onthouding nie die beste voorbereiding vir die

[81]) Bavinck, a.w., bl. 329: „Ethisch en religieus besef zijn product van onbewuste processen."
[82]) Coetzee, a.w., bl. 247 e.v.
Vgl. ook Bavinck, a.w., bl. 329. „De ‚natuur' maakt wat goed is en wat niet goed is. Boven de natuur is er geen wetgewer."

huwelik van die jong man is nie. Die gebod van God sê vir hom niks nie. Van Bybelse kuisheid en reinheid is geen sprake nie.

Uit die oogpunt van die Christen se filosofie is die Freudiaanse filosofie ten enemale af te wys. Die huwelik is hier 'n **menslike** instelling! Sedewette is die oorsaak van neurotiese en psigotiese afwykings. Daar bestaan nie so iets as die gesag van normatiewe beginsels in hierdie psigologie nie.

Freud se denke is deur en deur (e) **rasionalisties** — hy rasionaliseer die bybelse begrip van sonde weg. Kuns, reg, godsdiens is maar almal uitings van die „libido".

(f) Tussen **Freud se antropologie** en die van 'n Christen s'n, lê 'n kloof. Sy persoonlikheidsleer is **onpersoonlik**: — die „Es" is die begin en die einde, die almagtige, skeppende krag.[83]) **God is vir hom waan!** Die „hoëre" kan nie ewolusionisties uit die „laere" afgelei word nie en is ook nie geneties daaruit te verklaar nie. (Vgl. sy ego-ideaal of Super-ego). Waarom voer die verdronge energie die een keer tot neurose en dan weer d.m.v. sublimering tot kultuurvormende arbeid? Daar is baie vrae wat die psigo-analise moet beantwoord! Die enigste norm wat in die psigo-analise van Freud erken word, is die van die „Es" wat streef na 'n maksimale bevrediging van begeertes. Met ander woorde, die **„natuur" maak uit wat goed en sleg is.** Bokant die „natuur" is daar geen ander wetgewer nie. So kan Freud opklim tot 'n god maar nie tot God nie. Die beoefenaar van hierdie psigologie moet inderdaad Godloos wees.

B. **Enkele psigologiese besware: —**

Besware kan ingebring word teen (a) Freud se **psigologiese werkmetode.** Sy voorstelling van die psigiese lewe is oor en oor **antropomorfies.**[84]) Ons bedoel hiermee dat as gevolg van sy meganiese opvatting, sy beeldekonstruering oorwegend antropomorfies van aard is, bv.: — Die aanwesigheid van „pynlike" wense verklaar hy deur die werking van strydende elemente in die persoonlikheid self, na aanleiding (analoog) van 'n stryd tussen twee persone. Ook is die „sensuur" 'n verpersoonlikte deurkneg. Die ego „vlug" vir die sekslibido! ens.

Wohlgemuth wys vervolgens op die (b) **al te maklike redeneermetode** van Freud. Hy maak dikwels 'n bewering, verdedig dit op grond van die aanneemlikheid daarvan en gaan dan verder deur onmiddellik aan te neem dat dit 'n bewese feit is — 'n feit wat hy soms net met een of twee voorbeelde staaf, om dan te aanvaar dat die feit nou onomstootlik is! Prof. Coetzee[85]) sê dan ook dat dit 'n

---

83) Bavinck, a.w., bl. 326 en 328.
84) Coetzee, a.w. deel II, bl. 259 e.v. Bavinck, a.w., bl. 325.
85) Coetzee, a.w. deel II, bl. 260 en 261.

eienaardige wyse van doen is, wanneer Freud denkbeeldige besware van denkbeeldige teenstanders beantwoord, hoe hy hom dan self verhef oor sy teenstanders, om also sy standpunt te handhaaf.[86])

Freud se werkmetode gaan ook (c) mank aan 'n **oordrewe sug na veralgemening, generalisasie, algemeen geldende oordele** — en dit op grond van **enkele** voorbeelde.[87]) Hy skryf bv. **alle** vergeet aan verdringing toe, **alle** drome aan wensvervulling, **alle** neuroses aan seksuele konflik, **alle** instinktiewe strewing aan die libido.

Freud kan in sy werkmetode selfs „**bombasties**" word wanneer hy sy eie ontdekkings vergelyk met die van Kopernicus en meen dat dit 'n totale ommekeer in al ons opvattings sal meebring. Daarna kom Freud se bewonderaars om sy ontdekkings tot „openbarings" te verhef! Dat Freud 'n vindingryke en vrugbare verbeelding en verstand gehad het, sal egter niemand kan betwis nie.

Dit is ook 'n ernstige beswaar wat ingebring kan word dat **al te maklik 'n brug geslaan word tussen die abnormale en die normale sielelewe** van die mens. Kan 'n mens uit die sielkundige krankhede sonder meer die toestande van die gesonde psigiese lewe verklaar?

(d) **'n Leemte:** — As 'n psigologiese **wetenskap** stel die psigoanalise tot taak 'n ondersoek na en in die psigiese lewe, langs **empiriese** weg, beskrywend, versamelend en ordenend. Nou vind ons egter dat die arbeid van versameling en ordening nie die **doel** van die psigo-analise is nie, maar slegs 'n stuk **voorbereidende werk**. Die doel van die psigo-analise is veel meer die **opstelling van reëls of wette** vir die psigiese gebeure; dit wil aantoon wat die kousale verbinding van die sielkundige verskynsels is. Die fenomenologiese sielkunde daareenteen is meer omvattend: dit stel as taak die omvatting van die kwaliteite self, in hulle verskeidenheid en wel onder 'n algemene stelsel van begrippe. Hier is dus 'n prinsipiële verskil. Die psigo-analise hou sig nie besig met die vraag: Hoe ervaar ek hierdie of daardie droom nie, wat is die aard van die werklikheidservaring vir die droom of vir die histerie nie. Nee, die psigo-analise vra slegs: Waarom kom hierdie of daardie droom tot stand? Hoe gebeur dit dat hierdie of daardie simptoom verskyn? **Met ander woorde, die psigo-analise soek slegs na 'n kousale verklaring van alle sielkundige verskynsels.** Die fenomenologiese sielkunde wil die kwalitatiewe verskeidenheid tot sy reg laat kom — en juis dit is 'n belangrike **leemte** in die psigo-analise.[88])

C. **Kritiek op bepaalde loci in sy Psigologie:** — (Slegs twee loci word hier kortliks bespreek. So kan haas iedere locus van Freud se psigologie bespreek word).

(a) **Die leer van die verdringing:** — Is dit werklik so dat die verdringingsproses feitlik voltooi word gedurende die eerste vroeë

---

[86]) Flugel, J. C., a.w. „It must be gravated that his methods are less precise than those of the experimental psychologists!"
[87]) Müller-Freienfels, R., a.w., bl. 139.
[88]) Bavinck, a.w., bl. 325.

kinderjare van die mens? Soos Freud beweer. Die genetiese psigologie bring bedenkinge in teen so 'n opvatting, bedenkinge wat vir baie redelik aanvaarbaar lyk. Hierdie proses van verdringing moet tog ook soos alle psigiese prosesse, geleidelik ontwikkel om veel later in die lewe eers voltooi te word. Die verdringing is net soos die daaraan verbonde splitsingsproses tot bewussyn en onbewuste, 'n ontwikkelingsverskynsel. Dit is nie by 'n klein kind te vinde in al sy sterkte nie, maar dit begin swak en klein en onstandvastig en neem met die gang van die leeftyd toe in vorm.

(b) **Die leer van die seksualiteit:** —[89]) Freud het die meeste van sy materiaal te danke aan sy ondersoek en navorsing op volwasse perverte en neurotiese mense. Die kritiese vraag kan geopper word in hoeverre dit geoorloof is om deur so 'n bril bv. die kinderlike seksualiteit en die seks in die normale persoon te bekyk. Sou dit nie beter wees om normale kinders en volwassenes waar te neem en te analiseer nie? 'n Beslissing oor die **aard van die normale seksuele lewe** kan nie enkel op die analise en interpretasie van die psigo-seksuele lewe van **seksperverte** gedoen word nie. Freud se standpunt mag **wel** geld in die geval van pervers-verworde persone. Dat die toestand dieselfde is vir alle mense, is daarmee nog nie bewys nie. Freud het hier weer gaan generaliseer.

In hierdie verband, ten opsigte van perversies, het **Adler** 'n belangrike gesigspunt na vore gebring,[90]) ter verklaring van die seksontaarding. Hy sê dat seksuele abnormaliteit gaan gewoonlik gepaard met 'n vyandige houding teenoor die gemeenskap ('n onttrekking aan die norme van die samelewing). Die selfgevoel van die pervert is eintlik 'n minderwaardigheidsgevoel. Dit is nie slegs die seksuele ontaarding van die persoon wat in oënskou geneem moet word nie, maar sy **hele** karakter en persoonlikheid wat verwronge geraak het. Seksuele abnormaliteit is dus nie 'n eenheid op sigself nie, maar dit hang saam met 'n ontaarding van die hele persoonlikheid en nie slegs die seksinstink nie. Ook wys Adler oortuigend daarop dat die homo-seksualiteit baie meer ingewikkeld is as wat Freud wil voorgee.[91]) Die homo-seksualiteit is in wese 'n ontkenning van die fundamentele beginsel van die instandhouding van die gemeenskap. Dit is soveel „moeiliker" om homo-seksueel te wees as normaal! Die homo-seksuele mens moet 'n besondere karakterneiging besit, naamlik 'n gevoel van minderwaardigheid wat gepaard gaan met 'n onttrekking van die breër samele-

---

89) Müller-Freienfels, R., a.w., bl. 139: „Die waarde van alles word verminder deur eensydigheid en oordrywing, veral van die primaat van die seksualiteit."
90) Coetzee, a.w. **deel I**, bl. 207.
91) Coetzee, a.w. **deel I**, bl. 201-202.

wing — hierdie gevoelens dryf die mens in die rigting van homo-seksualiteit. Adler benader die probleem meer vanuit die kern van die persoonlikheid: hy sê dat die homo-seksualis hom in sy hele karakter en lewenswyse onderskei van die normale mens, o.a. in sy sterk eersug, merkwaardige versigtigheid en lewensbangheid. Adler betrek óók die sedelike element in sy verklaring.

(Ons moet erken dat alhoewel baie van Freud se opmerkings in sy **pan-seksualistiese** sisteem vergesogd is, dit seker nie te betwyfel is nie, dat sy narvorsing in hierdie verband 'n „bevestiging" van die Christelike standpunt van die gebore in „sonde en ellende" is.)

D. **Waardering vir Freud se Psigologie.**

1. In die tyd toe die Sielkunde feitlik alle aandag aan die bewuste processe gegee het, is die onbewuste skromelik verwaarloos. Freud se leer is 'n appél hierteen. **Die onbewuste het hy op die voorgrond gebring.**
2. Behoudens ons kritiek op Freud se pan-seksualisme, word dit aanvaar dat probleme ten opsigte van die **sekslewe** 'n bekende **enkele** oorsaak van neurose en wanaanpassing is. Die seksuele is 'n sterker krag as wat baie wil toegee. Waardevolle gegewens ten opsigte van kinderseksualiteit is na vore gebring.
3. Die metode van **vrye assosiasie** en van **droom-ontleding** is erkende hulpmiddels (metodes) in die ondersoek van die menslike psige, om verdronge komplekse te verwyder.
4. Al kan mens nie alles aanvaar wat Freud sê omtrent die psigiese prosesse nie, tog het hy ons aandag gevestig op vroeër onbekende of half-bekende prosesse en die belangrikheid daarvan. (**Konflikte, verdronge emosies, verdringing, simboliese verskynsels, sublimering, simptoomvorming,** ens.)
5. Ten laaste kan dit nie ontken word nie, dat Freud 'n groot bydrae gemaak het en die weg voorberei het vir 'n **uitgeberide kennis van die psigo-patologie**. Dit was 'n groot verbetering op die ouere psigiatrie. Freud het daarop gewys dat die siektes psigies opgevat, geken en behandel moet word. Naas die genesing van die neurotikus wil die psigo-analis die persoon ook „opvoed". Dit wil deur sublimering en ander meganismes verhoed dat by die jong kind gevaarlike verdringings ontstaan en wil gevaarlike konflikte voorkom.